(a) *Methods I and III*

(i) All stairways shall be of steel frame construction, except where the Administration sanctions the use of other equivalent material, and shall be within enclosures formed of "A" Class divisions, with positive means of closure at all openings from the lowest accommodation deck at least to a level which is directly accessible to the open deck, except that:—

- (1) a stairway connecting only two decks need not be enclosed, provided the integrity of the deck is maintained by proper bulkheads or doors at one level;
- (2) stairways may be fitted in the open in a public space, provided they lie wholly within such public space.

(ii) Stairway enclosures shall have direct communication with the corridors and be of sufficient area to prevent congestion having in view the number of persons likely to use them in an emergency, and shall contain as little accommodation or other enclosed space in which a fire may originate as practicable.

(iii) Stairway enclosure bulkheads shall have an insulation value to the satisfaction of the Administration, having regard to the nature of the adjacent spaces. The means for closure at openings in stairway enclosures shall be at least as effective for resisting fire as the bulkheads in which they are fitted. Doors other than watertight doors shall be of the self-closing type, as required for the main vertical zone bulkheads, in accordance with Regulation 38 of this Chapter.

(b) *Method II*

(i) Main stairways shall be of steel frame construction, except where the Administration sanctions the use of other suitable materials which, together with such supplementary fire protection and/or extinction arrangements as would, in the opinion of the Administration, be equivalent to such construction, and shall be within enclosures formed of "A" Class divisions with positive means of closure at all openings from the lowest accommodation deck at least to a level which is directly accessible to the open deck except that—

- (1) a stairway connecting only two decks need not be enclosed, provided the integrity of the deck is maintained by proper bulkheads or doors at one level;

- (2) trappe sonder omsluiting aangebring kan word in 'n openbare ruimte, mits hulle geheel en al binne sodanige openbare ruimte geleë is.
- (ii) Trapomsluitings moet regstreekse verbinding met die gange hê en moet van 'n voldoende oppervlakte wees om, gesien die getal persone wat in 'n noodgeval waarskynlik daarvan gebruik sal maak, verstopping te voorkom, en hulle moet so min akkommodasie- of ander omslote ruimte waarin 'n brand mag ontstaan bevat as wat prakties moontlik is.
- (iii) Trapomsluitingsbeskotte moet 'n isoleerwaarde hê waarmee die Administrasie met inagneming van die aard van die aangrensende ruimtes, tevrede is. Die toemaakkommiddels by openings in trapomsluitings moet minstens net so bestand teen brand wees as die beskotte waarin hulle aangebring is. Deure, uitgesonderd waterdige deure, moet van die selfsluitende tipe wees ooreenkomsdig regulasie 38 van hierdie hoofstuk vir vertikale hoofsonebeskotte vereis.
- (iv) Hulptrappe, naamlik dié wat nie deel uitmaak van die nooduitgange wat by regulasie 68 van hierdie hoofstuk vereis word nie en wat slegs twee dekke verbind, moet 'n staalraambou hê, behalwe waar die Administrasie die gebruik van ander geskikte materiaal in spesiale gevalle magtig, maar hulle hoeft nie binne omsluitings geleë te wees nie, mits die integriteit van die dek deur sproeiers by die hulptrappe gehandhaaf word.

REGULASIE 43

Beskerming van hysbakke (persones en diens), vertikale kokers vir lig en lug, ens., in akkommodasie- en diensruimtes (metodes I, II en III)

(a) Kokers vir persones en dienshysbakke, vertikale kokers vir lig en lug vir passasierruimtes, ens., moet klas A-verdelings wees. Deure moet van staal of ander ekwivalente materiaal wees en waarnanneer hulle toe is, moet hulle minstens net so bestand teen brand wees as die kokers waarin hulle aangebring is.

(b) Hysbakkokkers moet op so 'n wyse aangebring word dat hulle nie rook en vlamme vanaf die een tussen-dek na die ander sal deurlaat nie, en hulle moet met toemaakkommiddels toegerus wees sodat die trek van lug asook rook beheer kan word. Die isolering van hysbakkokkers wat binne trapomsluitings geleë is, is nie verpligtend nie.

(c) Wanneer 'n koker vir lig en lug met meer as een tussen-dekruimte verbind is, en na die mening van die Administrasie waarskynlik rook en vlamme van die een tussen-dek na die ander sal deurlaat, moet rookkleppe in geskikte posisies aangebring word sodat elke ruimte in die geval van brand geïsoleer kan word.

(d) Alle ander kokers (bv. vir elektriese kabels) moet so gebou wees dat hulle nie vuur vanaf een tussen-dek of afdeling na 'n ander sal deurlaat nie.

REGULASIE 44

Beskerming van beheerposte (Metodes I, II en III)

Beheerposte moet deur beskotte en dekke van klas A van die res van die skip geskei word.

REGULASIE 45

Beskerming van voorraadkamers, ens. (Metodes I, II en III)

Die grensbeskotte van bagasiekamers, poskamers, voorraadkamers, verf- en lampkamers, kombuis en soortgelyke ruimtes moet klas A-verdelings wees. Ruimtes wat hoogs ontvlambare voorrade bevat, moet so geleë wees dat gevvaar vir passasiers en bemanning in die geval van brand tot 'n minimum beperk sal wees.

(2) stairways may be fitted in the open in a public space, provided they lie wholly within such public space.

(ii) Stairway enclosures shall have direct communication with the corridors and be of sufficient area to prevent congestion having in view the number of persons likely to use them in an emergency, and shall contain as little accommodation or other enclosed space in which a fire may originate as practicable.

(iii) Stairway enclosure bulkheads shall have an insulation value to the satisfaction of the Administration having regard to the nature of the adjacent spaces. The means for closure at openings in stairway enclosures shall be at least as effective for resisting fire as the bulkheads in which they are fitted. Doors other than watertight doors shall be of the self-closing type as required for the main vertical zone bulkheads, in accordance with Regulation 38 of this Chapter.

(iv) Auxiliary stairways, namely those which do not form part of the means of escape required by Regulation 68 of this Chapter and which connect only two decks, shall be of steel frame construction, except where the Administration sanctions the use of other suitable material in special cases, but need not be within enclosures, provided the integrity of the deck is maintained by the fitting of sprinklers at the auxiliary stairways.

REGULATION 43

Protection of Lifts (Passenger and Service), Vertical Trunks for Light and Air, &c., in Accommodation and Service Spaces (Methods I, II and III)

(a) Passenger and service lift trunks, vertical trunks for light and air to passenger spaces, &c., shall be of "A" Class divisions. Doors shall be of steel or other equivalent material and when closed shall provide fire-resistance at least as effective as the trunks in which they are fitted.

(b) Lift trunks shall be so fitted as to prevent the passage of smoke and flame from one between deck to another and shall be provided with means of closing so as to permit of draught and smoke control. The insulation of lift trunks which are within stairway enclosures shall not be compulsory.

(c) Where a trunk for light and air communicates with more than one between deck space, and, in the opinion of the Administration, smoke and flame are likely to be conducted from one between deck to another, smoke shutters, suitably placed, shall be fitted so that each space can be isolated in case of fire.

(d) Any other trunks (e.g., for electric cables) shall be so constructed as not to afford passage for fire from one between deck or compartment to another.

REGULATION 44

Protection of Control Stations (Methods I, II and III)

Control stations shall be separated from the remainder of the ship by "A" Class bulkheads and decks.

REGULATION 45

Protection of Store Rooms, &c. (Methods I, II and III)

The boundary bulkheads of baggage rooms, mail rooms, store rooms, paint and lamp lockers, galleys and similar spaces shall be of "A" Class divisions. Spaces containing highly inflammable stores shall be so situated as to minimise the danger to passengers or crew in the event of fire.

REGULASIE 46

Vensters en patryspoorte (Metodes I, II en III)

(a) Alle vensters en patryspoorte in beskotte wat akkommodasieruimtes en die buitelug skei, moet gebou word met rame wat van staal of ander gesikte materiaal gemaak is. Die glas moet met 'n ruitkraallys van metaal bevestig word.

(b) Alle vensters en patryspoorte in beskotte binne akkommodasieruimtes moet so gebou word dat die integriteitsvereistes van die tipe beskot waarin hulle aangebring word, gehandhaaf word.

(c) In ruimtes wat (1) hoofaandrywingsmasjinerie, of (2) oliestookte ketels, of (3) hulpmasjinerie van die binnebrandtipe met 'n totale perdekrag van 1,000 of meer bevat, moet die volgende maatreëls getref word—

- (i) dakvensters moet van buitekant die ruimte vandaan gesluit kan word.
- (ii) dakvensters met glaspanele moet aan die buitekant toegerus wees met luke van staal of ander ekwivalente materiaal wat blywend bevestig is.
- (iii) enige venster wat deur die Administrasie toegelaat word in kaste van sulke ruimtes moet van 'n tipe wees wat nie oopgemaak kan word nie, en moet aan die buitekant toegerus wees met 'n luik van staal of ander ekwivalente materiaal wat blywend bevestig is;
- (iv) draadversterkte glas moet gebruik word in die vensters en dakvensters vermeld in subparagrawe (i), (ii) en (iii) van hierdie paragraaf.

REGULASIE 47

Ventilasiestelsels (Metodes I, II en III)

(a) Die hoofinlaat- en uitlaatopenings van alle ventilasiestelsels moet in die geval van brand buite die ruimte vandaan toegemaak kan word. In die algemeen moet die ventilasiewaaiers so geplaas word dat die lugkokers wat na die verskillende ruimtes lei, binne die vertikale hoofzone bly.

(b) Alle kragventilasie-inrigtings, behalwe dié vir vrag- en masjineriuimtes en enige alternatiewe stelsel wat ooreenkomsdig paragraaf (d) van hierdie regulasie vereis mag word, moet toegerus word met hoofkontroles sodat alle waaiers tot stilstand gebring kan word vanaf die een of die ander van twee afsonderlike posisies wat so ver as moontlik van mekaar geleë moet wees. Twee hoofkontroles moet verskaf word vir die kragventilasie-inrigtings wat masjineriuimtes bedien, en een van hulle moet vanaf 'n plek buitekant die masjineriuimte bedien kan word.

(c) Uitlaatkokers vanaf kombuisstowe moet doeltreffend geïsoleer word waar die kokers deur akkommodasieuimtes loop.

(d) Maatreëls wat prakties uitvoerbaar is, moet ten opsigte van beheerposte wat onderkant die dek en buitekant masjineriuimtes geleë is, getref word ten einde te verseker dat ventilasie, sigbaarheid en vryheid van rook gehandhaaf word, sodat daar in die geval van brand oor die masjinerie en uitrusting daarin toesig gehou kan word en hulle kan aanhou om doeltreffend te funksioneer. Alternatiewe en geheel en al afsonderlike lugtoevoermiddels moet vir hierdie beheerposte aangebring word; luginlaatopenings na die twee toevoerbronre moet so geplaas word dat die gevær dat albei inlaatopenings gelyktydig rook sal intrek, tot 'n minimum beperk word. Volgens die goeddunke van die Administrasie hoef sodanige vereistes nie te geld vir ruimtes wat op 'n oopdek geleë is en uitloop nie, of waar plaaslike toemaakinrigtings ewe doeltreffend sou wees nie.

REGULATION 46

Windows and Sidescuttles (Methods I, II and III)

(a) All windows and sidescuttles in bulkheads separating accommodation spaces and weather shall be constructed with frames of steel or other suitable material. The glass shall be retained by a metal glazing bead.

(b) All windows and sidescuttles in bulkheads within accommodation spaces shall be constructed so as to preserve the integrity requirements of the type of bulkhead in which they are fitted.

(c) In spaces containing (1) main propulsion machinery, or (2) oil-fired boilers, or (3) auxiliary internal combustion type machinery of total horsepower of 1,000 or over, the following measures shall be taken—

- (i) skylights shall be capable of being closed from outside the space;
- (ii) skylights containing glass panels shall be fitted with external shutters of steel or other equivalent material permanently attached;
- (iii) any window permitted by the Administration in casings of such spaces shall be of the non-opening type, and shall be fitted with an external shutter of steel or other equivalent material permanently attached;
- (iv) in the windows and skylights referred to in sub-paragraphs (i), (ii) and (iii) of this paragraph, wire reinforced glass shall be used.

REGULATION 47

Ventilation Systems (Methods I, II and III)

(a) The main inlets and outlets of all ventilation systems shall be capable of being closed from outside the space in the event of a fire. In general, the ventilation fans shall be so disposed that the ducts reaching the various spaces remain within the main vertical zone.

(b) All power ventilation, except cargo and machinery space ventilation and any alternative system which may be required under paragraph (d) of this Regulation, shall be fitted with master controls so that all fans may be stopped from either of two separate positions which shall be situated as far apart as practicable. Two master controls shall be provided for the power ventilation serving machinery spaces, one of which shall be operable from a position outside the machinery space.

(c) Efficient insulation shall be provided for exhaust ducts from galley ranges where the ducts pass through accommodation spaces.

(d) Such measures as are practicable shall be taken in respect of control stations situated below deck and outside machinery spaces in order to ensure that ventilation, visibility and freedom from smoke are maintained, so that in the event of fire the machinery and equipment contained therein may be supervised and continued to function effectively. Alternative and entirely separate means of air supply shall be provided for these control stations; air inlets to the two sources of supply shall be so disposed that the risk of both inlets drawing in smoke simultaneously is minimised. At the discretion of the Administration, such requirements need not apply to spaces situated on, and opening on to, an open deck, or where local closing arrangements would be equally effective.

REGULASIE 48

Besonderhede van bou (Metodes I en III)

(a) *Metode I*

Behalwe in vrugruimtes, poskamers, bagasiekamers of verkoelde afdelings van diensruimtes moet alle bekledings, style, plafonne en isolerings van onbrandbare materiaal wees. Die totale volume van brandbare belegsels, lyswerk, versierings en fineersel in 'n akkommodasie- of openbare ruimte mag nie groter wees nie as 'n volume gelyk aan een tiende duim (of 2.54 millimeters) fineersel op die gesamentlike oppervlakte van die mure en die plafon. Alle blootgestelde oppervlaktes in gange of trapomsluitings en in verskuilde of ontoeganklike ruimtes moet lae vlamverspreidingseienskappe hê.

(b) *Metode III*

Die gebruik van brandbare materiaal van alle soorte soos onbehandelde hout, fineersel, plafonne, gordyne, tapyte, ens., moet verminder word vir sover dit redelik en doenlik is. In groot openbare ruimtes, moet die style en draagbalke van die bekledings en plafonne van staal of ekwivalente materiaal wees. Alle blootgestelde oppervlaktes in gange of trapomsluitings en in verskuilde of ontoeganklike ruimtes moet lae vlamverspreidingseienskappe hê.

REGULASIE 49.

Diverse items (Metodes I, II en III)

Vereistes wat op alle dele van die skip van toepassing is

(a) Verf, vernis en soortgelyke preparate met 'n nitrocellulose- of ander hoogs ontvlambare basis mag nie gebruik word nie.

(b) Pype wat deur klas A- of klas B-verdelings loop, moet van materiaal wees wat deur die Administrasie goedgekeur is, met inagneming van die temperatuur wat sodanige verdelings sal moet weerstaan. Pype waardeur olie of brandbare vloeistowwe gevoer word, moet van 'n materiaal wees wat deur die Administrasie met inagneming van die gevær van brand goedgekeur is. Materiaal wat geredelik deur hitte ondoeltreffend gemaak word, mag nie gebruik word vir buiteboordse spuipype, sanitêre afvoerpype en ander uitlate wat na aan die waterlyn geleë is en waar faling van die materiaal in die geval van brand die gevær van oorstroming sou laat ontstaan nie.

Vereistes van toepassing op akkommodasie- en diensruimtes

(c) (i) Lugruimtes wat omsluit is agter plafonne, paneelwerke of bekledings moet paslik onderverdeel word deur middel van noupassende trekwerende middels wat nie meer as 45 voet (of 13.73 meters) van mekaar geleë is nie.

(ii) In die vertikale rigting moet sulke ruimtes met inbegrip van dié agter bekledings van trappe, kokers, ens., op elke dek toe wees.

(d) Die bou van plafonne en beskotwerk moet sodanig wees dat dit vir die brandronde diens moontlik sal wees om rook wat in verskuilde en ontoeganklike plekke ontstaan, sonder belemmering van die doeltreffendheid van die brandbeskerming op te spoor, behalwe wanneer daar na die mening van die Administrasie geen gevær bestaan dat brand in sulke plekke sal ontstaan nie.

(e) Die verskuilde oppervlaktes van alle beskotte, bekledings, paneelwerke, trappe, houtstyle, ens., in akkommodasieuimtes moet lae vlamverspreidingseienskappe hê.

REGULATION 48

Details of Construction (Methods I and III)

(a) *Method I*

Except in cargo spaces, mail rooms, baggage rooms, or refrigerated compartments of service spaces, all linings, grounds, ceilings and insulations shall be of incombustible materials. The total volume of combustible facings, mouldings, decorations and veneers in any accommodation or public space shall not exceed a volume equivalent to one-tenth inch (or 2.54 millimetres) veneer on the combined area of the walls and ceiling. All exposed surfaces in corridors or stairway enclosures and in concealed or inaccessible spaces shall have low flame spread characteristics.

(b) *Method III*

The use of combustible materials of all kinds such as untreated wood, veneers, ceilings, curtains, carpets, &c. shall be reduced in so far as it is reasonable and practicable. In large public spaces, the grounds and supports to the linings and ceilings shall be of steel or equivalent material. All exposed surfaces in corridors or stairway enclosures and in concealed or inaccessible spaces shall have low flame spread characteristics.

REGULATION 49

Miscellaneous Items (Methods I, II and III)

Requirements applicable to all parts of the ship

(a) Paints, varnishes and similar preparations having a nitro-cellulose or other highly inflammable base shall not be used.

(b) Pipes penetrating "A" or "B" Class divisions shall be of a material approved by the Administration having regard to the temperature such divisions are required to withstand. Pipes conveying oil or combustible liquids shall be of a material approved by the Administration having regard to the fire risk. Materials readily rendered ineffective by heat shall not be used for overboard scuppers, sanitary discharges, and other outlets which are close to the water line and where the failure of the material in the event of fire would give rise to danger of flooding.

Requirements applicable to accommodation and service spaces

(c) (i) Air spaces enclosed behind ceilings, panelings or linings shall be suitably divided by close-fitting draught stops not more than 45 feet (or 13.73 metres) apart.

(ii) In the vertical direction, such spaces, including those behind linings of stairways, trunks, etc., shall be closed at each deck.

(d) The construction of ceiling and bulkheading shall be such that it will be possible, without impairing the efficiency of the fire protection, for the fire patrols to detect any smoke originating in concealed and inaccessible places, except where in the opinion of the Administration there is no risk of fire originating in such places.

(e) The concealed surfaces of all bulkheads, linings, panelings, stairways, wood grounds, etc., in accommodation spaces shall have low flame spread characteristics.

(f) Indien elektriese verwarmers gebruik word, moet hulle vas en so gebou wees dat die gevaar van brand tot 'n minimum beperk word. Sulke verwarmers mag nie toegerus wees met 'n element wat so oop is dat klerasie, gordyne of ander soortgelyke materiaal deur hitte van die element geskroeи of aan die brand gesteek kan word nie.

REGULASIE 50

Rolprentfilm (Metodes I, II en III)

Films met 'n sellulosebasis moet nie in rolprentinstallasies aan boord van die skip gebruik word nie.

REGULASIE 51

Otomatiese sproeier- en brandalarm- en -verklikstelsels (Metode II)

Op skepe waarin metode II aangewend word, moet 'n otomatiese sproeier- en brandalarmstelsel van 'n goedgekeurde tipe wat voldoen aan die vereistes van regulasie 59 van hierdie hoofstuk, geïnstalleer en so ingerig word dat dit beskerming sal verleen aan alle omslote ruimtes wat vir die gebruik of diens van passasiers of bemanning aangewys is, behalwe ruimtes wat geen wesenlike brandgevaar bied nie.

REGULASIE 52

Otomatiese brandalarm- en brandverklikstelsels (Metode III)

Op skepe waarin metode III aangewend word, moet 'n brandverklikstelsel van 'n goedgekeurde tipe geïnstalleer en so ingerig word dat dit die aanwesigheid van brand in alle omslote ruimtes wat vir die gebruik of diens van passasiers of bemanning (behalwe ruimtes wat geen wesenlike brandgevaar bied nie) aangewys is, sal verklik en die aanwesigheid of tekens van 'n brand en ook die posisie daarvan otomaties sal aandui op een of meer plekke of poste waar dit die gouste deur offisiere en bemanning opgemerk sal word.

REGULASIE 53

Passasierskepe wat hoogstens 36 passasiers vervoer

(a) Benewens om aan die bepalings van regulasie 35 van hierdie hoofstuk onderworpe te wees, moet skepe wat hoogstens 36 passasiers vervoer, aan die bepalings van regulasies 36, 37, 38, 40, 41, 43 (a), 44, 45, 46, 49 (a), (b) en (f) en 50 van hierdie hoofstuk voldoen. Waar geïsoleerde klas A-verdelings ooreenkomsdig bogenoemde regulasies vereis word, kan die Administrasie inwillig dat die hoeveelheid isolering verminder word tot minder as wat by subparagraaf (c) (iv) van regulasie 35 van hierdie hoofstuk beoog word.

(b) Afgesien daarvan dat nakoming vereis word van die regulasies waarvan in paragraaf (a) melding gemaak word, is die volgende bepalings van toepassing—

- (i) alle trappe en nooduitgange in akkommodasie- en diensruimtes moet van staal of ander geskikte materiaal wees;
- (ii) kragventilasie van masjinerieruimtes moet stopgesit kan word vanaf 'n maklik toeganklike plek buite die masjinerieruimte;
- (iii) behalwe wanneer alle insluitingsbeskotte in akkommodasieruimtes voldoen aan die bepalings van regulasies 39 (a) en 48 (a) van hierdie hoofstuk, moet sulke skepe toegerus word met 'n otomatiese brandverklikstelsel wat aan regulasie 52

(f) Electric radiators, if used, must be fixed in position and so constructed as to reduce fire risks to a minimum. No such radiators shall be fitted with an element so exposed that clothing, curtains, or other similar materials can be scorched or set on fire by heat from the element.

REGULATION 50

Cinematograph Film (Methods I, II, and III)

Cellulose-based film shall not be used in cinematograph installations on board ship.

REGULATION 51

Automatic Sprinkler and Fire Alarm and Detection Systems (Method II)

In ships in which Method II is adopted, an automatic sprinkler and fire alarm system of an approved type and complying with the requirements of Regulation 59 of this Chapter shall be installed and so arranged as to protect all enclosed spaces appropriated to the use or service of passengers or crew, except spaces which afford no substantial fire risk.

REGULATION 52

Automatic Fire Alarm and Fire Detection Systems (Method III)

In ships in which Method III is adopted, a fire-detecting system of an approved type shall be installed and so arranged as to detect the presence of fire in all enclosed spaces appropriated to the use or service of passengers or crew (except spaces which afford no substantial fire hazard) and automatically to indicate at one or more points or stations where it can be most quickly observed by officers and crew, the presence or indication of fire and also its location.

REGULATION 53

Passenger Ships carrying not more than 36 Passengers

(a) In addition to being subject to the provisions of Regulation 35 of this Chapter, ships carrying not more than 36 passengers shall comply with Regulations 36, 37, 38, 40, 41, 43 (a), 44, 45, 46, 49 (a), (b) and (f) and 50 of this Chapter. Where insulated "A" Class divisions are required under the aforementioned Regulations, the Administration may agree to a reduction of the amount of insulation below that envisaged by sub-paragraph (c) (iv) of Regulation 35 of this Chapter.

(b) In addition to compliance with the Regulations referred to in paragraph (a), the following provisions shall apply—

- (i) all stairways and means of escape in accommodation and service spaces shall be of steel or other suitable material;
- (ii) power ventilation of machinery spaces shall be capable of being stopped from an easily accessible position outside the machinery spaces;
- (iii) except where all enclosure bulkheads in accommodation spaces conform with the requirements of Regulations 39 (a) and 48 (a) of this Chapter, such ships shall be provided with an automatic fire detection system conforming with Regulation 52 of

van hierdie hoofstuk voldoen, en in akkommaderuimtes moet die gangbeskotte van staal wees of gebou wees van klas B-panele.

REGULASIE 54

Vragskepe van 4,000 ton bruto tonnemaat en meer

(a) Die romp, bobou, boubeskotte, dekke en dekhuse moet van staal gebou wees behalwe waar die Administrasie in spesiale gevalle en met inagneming van die gevaar van brand die gebruik van ander geskikte materiaal goedkeur.

(b) In akkommaderuimtes moet die gangbeskotte van staal wees of gebou wees van klas B-panele.

(c) Dekbedekings binne akkommaderuimtes op die dekke wat die kruin uitmaak van masjinerie- en vragskepe, moet van 'n tipe wees wat nie geredelik sal ontvlam nie.

(d) Binnetrappe onderkant die oopdek moet van staal of ander geskikte materiaal wees. Bemanningshysbakokers binne akkommaderuimtes moet van staal of ekwivalente materiaal wees.

(e) Beskotte van kombuise, verfkamers, lampkamers en voorraadkamers van bootsmanne moet van staal of ekwivalente materiaal wees indien hulle geleë is aan akkommaderuimtes en noodgenerators, indien daar is.

(f) In akkommaderuimtes en masjinerieruimtes mag verf, vernis en soortgelyke preparate met 'n nitrocellulose- of ander hoogs ontvlambare basis nie gebruik word nie.

(g) Pype waardeur olie of brandbare vloeistowwe gevoer word, moet van materiaal wees wat deur die Administrasie met inagneming van die gevaar van brand goedkeur is. Materiaal wat geredelik deur hitte ondoeltreffend gemaak word, mag nie gebruik word vir buiteboordse spuipype, sanitêre afvoerpype en ander uitlate wat na aan die waterlyn geleë is en waar faling van die materiaal in die geval van brand die gevaar van oorstroming sou laat ontstaan nie.

(h) Indien elektriese verwarmers gebruik word, moet hulle vas en so gebou wees dat die gevaar van brand tot 'n minimum beperk word. Sulke verwarmers mag nie toegerus wees met 'n element wat so oop is dat klerasie, gordyne of ander soortgelyke materiaal deur hitte van die element geskroeï of aan die brand gesteek kan word nie.

(i) Films met 'n cellulosebasis moet nie in rolprentinstallasies aan boord van die skip gebruik word nie.

(j) Kragventilasie van masjinerieruimtes moet stopgesit kan word vanaf 'n maklik toeganklike plek buite die masjinerieruimtes.

DEEL E—ONTDEKKING EN BLUS VAN BRAND IN PASSASIERSKEPE EN VRAGSKEP

(Deel E is van toepassing op passasiërskepe en vragskepe behalwe dat regulasies 59 en 64 slegs op passasiërskepe en regulasie 65 slegs op vragskepe van toepassing is.)

OPMERKING.—Regulasies 56 tot en met 63 bevat die voorwaardes waaraan die toestelle genoem in regulasies 64 en 65 moet voldoen.

REGULASIE 55

Definisiës

In hierdie deel van hierdie hoofstuk, tensy uitdruklik anders bepaal, beteken—

- (a) die *lengte van die skip*, die lengte gemeet tussen loodlyne;
- (b) *vereis*, by hierdie deel van hierdie hoofstuk vereis.

this Chapter and in accommodation spaces, the corridor bulkheads shall be of steel or be constructed of "B" Class panels.

REGULATION 54

Cargo Ships of 4,000 tons Gross Tonnage and Upwards

(a) The hull, superstructure, structural bulkheads, decks and deck houses shall be constructed of steel, except where the Administration may sanction the use of other suitable material in special cases, having in mind the risk of fire.

(b) In accommodation spaces, the corridor bulkheads shall be of steel or be constructed of "B" Class panels.

(c) Deck coverings within accommodation spaces on the decks forming the crown of machinery and cargo spaces shall be of a type which will not readily ignite.

(d) Interior stairways below the weather deck shall be of steel or other suitable material. Crew lift trunks within accommodation shall be of steel or equivalent material.

(e) Bulkheads of galleys, paint stores, lamprooms, boatswain's stores when adjacent to accommodation spaces and emergency generator rooms if any, shall be of steel or equivalent material.

(f) In accommodation and machinery spaces, paints, varnishes and similar preparations having a nitro-cellulose or other highly inflammable base shall not be used.

(g) Pipes conveying oil or combustible liquids shall be of a material approved by the Administration having regard to the fire risk. Materials readily rendered ineffective by heat shall not be used for overboard scuppers, sanitary discharges, and other outlets which are close to the water line and where the failure of the material in the event of fire would give rise to danger of flooding.

(h) Electric radiators, if used, must be fixed in position and so constructed as to reduce fire risks to a minimum. No such radiators shall be fitted with an element so exposed that clothing, curtains or other similar materials can be scorched or set on fire by heat from the element.

(i) Cellulose-based film shall not be used in cinematograph installations on board ship.

(j) Power ventilation of machinery spaces shall be capable of being stopped from an easily accessible position outside the machinery spaces.

PART E—FIRE DETECTION AND EXTINCTION IN PASSENGER SHIPS AND CARGO SHIPS

(Part E applies to passenger ships and cargo ships except that Regulations 59 and 64 apply only to passenger ships and Regulation 65 applies only to cargo ships.)

NOTE.—Regulations 56 to 63 inclusive set forth the conditions with which the appliances mentioned in Regulations 64 and 65 are required to comply.

REGULATION 55

Definitions

In this Part of this Chapter, unless expressly provided otherwise:—

- (a) The *length of the ship* is the length measured between perpendiculars.
- (b) *Required* means required by this Part of this Chapter.

REGULASIE 56

Pompe, watertoevoerpype, brandkrane en brandslange

(a) Totale vermoë van brandpompe

(i) In 'n passasierskip moet die vereiste brandpompe in staat wees om teen die toepaslike druk soos hieronder voorgeskryf, vir brandbestrydingsdoeleindes minstens twee-derdes soveel water te lewer as wat die lenspompe moet behartig wanneer hulle vir lenspomping gebruik word.

(ii) In 'n vragskip moet die vereiste brandpompe, behalwe die noodpomp (indien daar een is), in staat wees om teen die toepaslike voorgeskrewe druk, vir brandbestrydingsdoeleindes minstens vier-derdes soveel water te lewer as wat ooreenkomsdig regulasie 18 van hierdie hoofstuk deur elk van die onafhanglike lenspompe in 'n passasierskip van dieselfde afmetings behartig moet word wanneer hy vir lenspomping gebruik word. In die plek van die definisies ten opsigte van L, B en D waarvan in paragraaf (i) van regulasie 18 van hierdie hoofstuk melding gemaak word, geld die volgende:—

L = lengte tussen loodlyne.

B = grootste breedte ooreenkomsdig die mal.

D = diepte tot by die beskotdek midskeeps.

In geen vragskip hoef die totale vereiste vermoë van die brandpompe egter 180 ton per uur te bowe te gaan nie.

(b) Brandpompe

(i) Die brandpompe moet onafhanglik aangedryf word. Sanitaire-, ballas-, lens- of algemene dienspompe kan as brandpompe aanvaar word, mits hulle nie normaalweg vir die pomp van olie gebruik word nie en mits gesikte omskakelingsinrigtings aangebring is in gevalle waar hulle straks af en toe aangewend word om brandolie oor te voer of te pomp.

(ii) Elkeen van die vereiste brandpompe (behalwe 'n noodpomp wat by regulasie 65 van hierdie hoofstuk vereis word) moet 'n vermoë hê van minstens 80 persent van die totale vereiste vermoë gedeel deur die getal brandpompe wat vereis word, en moet in elk geval in staat wees om minstens die twee vereiste strale water te lewer. Hierdie brandpompe moet in staat wees om die hoofbrandnet onder die vereiste toestand van water te voorsien.

Wanneer meer pompe geïnstalleer word as wat vereis word, moet hulle beskik oor 'n vermoë wat die Administrasie tevrede stel.

(iii) Alle brandpompe moet met ontlastkleppe toegerus word indien die pompe 'n groter druk kan ontwikkel as die ontwerpdruck van die watertoevoerpype, brandkrane en brandslange. Hierdie kleppe moet so geleë en ingestel wees dat oormatige druk in enige gedeelte van die hoofbrandnet voorkom sal word.

(c) Druk in die hoofbrandpyp

(i) Die middellyn van die hoofbrandpyp en watertoevoerpype moet voldoende wees vir die doeltreffende verspreiding van die maksimum vereiste uitstroming uit twee brandpompe wat gelyktydig werk, maar in die geval van vragskepe hoef die deursnee slegs voldoende te wees vir die uitlatting van 140 ton per uur.

(ii) Wanneer die twee pompe gelyktydig deur spuitstukke gespesifieer in paragraaf (g) van hierdie regulasie die hoeveelheid water vermeld in subparagraaf (i) van hierdie paragraaf deur aangrensende brandkrane lewer, moet die volgende minimum drukkings by alle brandkrane gehandhaaf word:—

REGULATION 56

Pumps, Water Service Pipes, Hydrants and Hoses

(a) Total Capacity of Fire Pumps

(i) In a passenger ship, the required fire pumps shall be capable of delivering for fire fighting purposes a quantity of water, at the appropriate pressure prescribed below, not less than two-thirds of the quantity required to be dealt with by the bilge pumps when employed for bilge pumping.

(ii) In a cargo ship, the required fire pumps, other than the emergency pump (if any), shall be capable of delivering for firefighting purposes a quantity of water, at the appropriate pressure prescribed, not less than four-thirds of the quantity required under Regulation 18 of this Chapter to be dealt with by each of the independent bilge pumps in a passenger ship of the same dimensions, when employed on bilge pumping. In place of the definitions covering L, B and D referred to in paragraph (i) of Regulation 18 of this Chapter, the following shall apply—

L= length between perpendiculars.

B=greatest moulded breadth.

D=depth to bulkhead deck amidships.

Provided that in no cargo ship need the total required capacity of the fire pumps exceed 180 tons per hour.

(b) Fire Pumps

(i) The fire pumps shall be independently driven. Sanitary, ballast, bilge or general service pumps may be accepted as fire pumps, provided that they are not normally used for pumping oil and that if they are subject to occasional duty for the transfer or pumping of fuel oil, suitable change-over arrangements are fitted.

(ii) Each of the required fire pumps (other than any emergency pump required by Regulation 65 of this Chapter) shall have a capacity not less than 80 per cent of the total required capacity divided by the number of required fire pumps—and shall in any event be capable of delivering at least the two required jets of water. These fire pumps shall be capable of supplying the fire main system under the required conditions.

Where more pumps than required are installed their capacity shall be to the satisfaction of the Administration.

(iii) Relief valves shall be provided in conjunction with all fire pumps if the pumps are capable of developing a pressure exceeding the design pressure of the water service pipes, hydrants and hoses. These valves shall be so placed and adjusted as to prevent excessive pressure in any part of the fire main system.

(c) Pressure in the Fire Main

(i) The diameter of the fire main and water service pipes shall be sufficient for the effective distribution of the maximum required discharge from two fire pumps operating simultaneously, except that in the case of cargo ships the diameter need only be sufficient for the discharge of 140 tons per hour.

(ii) With the two pumps simultaneously delivering through nozzles specified in paragraph (g) of this Regulation, the quantity of water specified in sub-paragraph (i) of this paragraph, through any adjacent hydrants, the following minimum pressures shall be maintained at all hydrants:—

<i>Passasierskepe</i>	<i>Passenger ships</i>	
4,000 ton bruto tonnemaat en meer	45 pond per vierkante duim (of 3·2 kilogram per vierkante sentimeter)	45 pounds per square inch (or 3·2 kilogrammes per square centimetre)
1,000 ton bruto tonnemaat en meer, maar minder as 4,000 ton bruto tonnemaat	40 pond per vierkante duim (of 2·8 kilogram per vierkante sentimeter)	40 pounds per square inch (or 2·8 kilogrammes per square centimetre)
Minder as 1,000 ton bruto tonnemaat	Tot tevredenheid van die Administrasie	To the satisfaction of the Administration
<i>Vragiskepe.</i>	<i>Cargo ships</i>	
6,000 ton bruto tonnemaat en meer	40 pond per vierkante duim (of 2·8 kilogram per vierkante sentimeter)	40 pounds per square inch (or 2·8 kilogrammes per square centimetre)
1,000 ton bruto tonnemaat en meer, maar minder as 6,000 ton bruto tonnemaat	37 pond per vierkante duim (of 2·6 kilogram per vierkante sentimeter)	37 pounds per square inch (or 2·6 kilogrammes per square centimetre)
Minder as 1,000 ton bruto tonnemaat	Tot tevredenheid van die Administrasie	To the satisfaction of the Administration

(d) Getal brandkrane en hul posisies

Die getal en posisies van brandkrane moet sodanig wees dat minstens twee strale water wat nie uit dieselfde brandkraan kom nie en waarvan een uit 'n enkele stuk slang afkomstig is, enige deel van die skip kan bereik wat normaalweg vir die passasiers of bemanning toeganklik is terwyl die skip besig is om te vaar.

(e) Pype en brandkrane

(i) Materiaal wat geredelik deur hitte ondoeltreffend gemaak word, mag nie vir hoofbrandpype gebruik word nie, tensy dit behoorlik beskerm is. Die pype en brandkrane moet so geleë wees dat die brandslange maklik aan hulle gekoppel kan word. Op skepe waarin dekvrug vervoer mag word, moet die brandkrane so geleë wees dat hulle altyd geredelik toeganklik is en moet die pype vir sover doenlik so geplaas wees dat gevvaar van beskadiging deur sodanige vrag verminder word. Tensy een brandslang en spuitstuk vir elke brandkraan op die skip verskaf word, moet daar volkome verwisselbaarheid van slangekopplings en spuitstukke wees.

(ii) Krane of kleppe moet op sulke plekke aan die pype aangebring word dat enige van die brandslange verwijder kan word terwyl die brandpompe aan die werk is.

(f) Brandslange

Brandslange moet van materiaal vervaardig wees wat deur die Administrasie goedgekeur is en moet lank genoeg wees om 'n straal water te spuit tot in enige van die ruimtes waarin dit nodig mag wees om hulle te gebruik. Hul maksimum lengte moet die goedkeuring van die Administrasie wegdra. Elke slang moet met 'n spuitstuk en die nodige koppelingte toegerus wees. Slange wat in hierdie regulasies as "brandslange" aangedui word, moet saam met die nodige toebehore en gereedskap, op opvallende plekke naby die watertoevoerbrandkrane of verbindings gered vir gebruik gehou word.

(g) Spuitstukke

(i) Vir die toepassing van hierdie deel moet die standaardgroottes van die spuitstukke $\frac{1}{2}$ duim (of 12 millimeters), $\frac{3}{8}$ duim (of 16 millimeters) en $\frac{5}{8}$ duim (of 20 millimeters) of so na as moontlik daaraan wees. Spuitstukke met 'n groter deursnee is toelaatbaar mits hulle voldoen aan die bepalings van subparagraaf (b) (ii) van hierdie regulasie.

(ii) Vir akkommodasie- en diensruimtes is dit nie nodig om 'n spuitstuk met 'n deursnee van meer as $\frac{1}{2}$ duim (of 12 millimeters) te gebruik nie.

(iii) Vir masjinerieruimtes en buiteplekke moet die groote van die spuitstukke sodanig wees dat daar vanaf die kleinste pomp die groots moontlike hoeveelheid water deur twee strale teen die drukking vermeld in paragraaf (c) van hierdie regulasie gelewer sal word.

(h) Internasionale landaansluiting

Die internasionale landaansluiting wat ingevolge paragraaf (d) van regulasie 64 en paragraaf (d) van regulasie 65 van hierdie hoofstuk in die skip geïnstalleer moet word, moet met die volgende spesifikasies en die aangehegte skets strook.

<i>Passenger ships</i>		
4,000 tons gross tonnage and upwards	45 pounds per square inch (or 3·2 kilogrammes per square centimetre)	45 pounds per square inch (or 3·2 kilogrammes per square centimetre)
1,000 tons gross tonnage and upwards, but under 4,000 tons gross tonnage	40 pounds per square inch (or 2·8 kilogrammes per square centimetre)	40 pounds per square inch (or 2·8 kilogrammes per square centimetre)
Under 1,000 tons gross tonnage	To the satisfaction of the Administration	To the satisfaction of the Administration
<i>Cargo ships</i>		
6,000 tons gross tonnage and upwards	40 pounds per square inch (or 2·8 kilogrammes per square centimetre)	40 pounds per square inch (or 2·8 kilogrammes per square centimetre)
1,000 tons gross tonnage and upwards, but under 6,000 tons gross tonnage	37 pounds per square inch (or 2·6 kilogrammes per square centimetre)	37 pounds per square inch (or 2·6 kilogrammes per square centimetre)
Under 1,000 tons gross tonnage	To the satisfaction of the Administration	To the satisfaction of the Administration

(d) Number and Position of Hydrants

The number and position of the hydrants shall be such that at least two jets of water not emanating from the same hydrant, one of which shall be from a single length of hose, may reach any part of the ship normally accessible to the passengers or crew while the ship is being navigated

(e) Pipes and Hydrants

(i) Materials readily rendered ineffective by heat shall not be used for fire mains unless adequately protected. The pipes and hydrants shall be so placed that the fire hoses may be easily coupled to them. In ships where deck cargo may be carried, the positions of the hydrants shall be such that they are always readily accessible and the pipes shall be arranged as far as practicable to avoid risk of damage by such cargo. Unless there is provided one hose and nozzle for each hydrant in the ship there shall be complete interchangeability of hose couplings and nozzles.

(ii) Cocks or valves shall be fitted in such positions on the pipes that any of the fire hoses may be removed while the fire pumps are at work.

(f) Fire Hoses

Fire hoses shall be of material approved by the Administration and sufficient in length to project a jet of water to any of the spaces in which they may be required to be used. Their maximum length shall be to the satisfaction of the Administration. Each hose shall be provided with a nozzle and the necessary couplings. Hoses specified in these Regulations as "fire hoses" shall together with any necessary fittings and tools be kept ready for use in conspicuous positions near the water service hydrants or connections.

(g) Nozzles

(i) For the purposes of this Part, standard nozzle sizes shall be $\frac{1}{2}$ inch (or 12 millimetres), $\frac{3}{8}$ inch (or 16 millimetres) and $\frac{5}{8}$ inch (or 20 millimetres), or as near thereto as possible. Larger diameter nozzles may be permitted subject to compliance with sub-paragraph (b) (ii) of this Regulation.

(ii) For accommodation and service spaces, a nozzle size greater than $\frac{1}{2}$ inch (or 12 millimetres) need not be used.


(iii) For machinery spaces and exterior locations, the nozzle size shall be such as to obtain the maximum discharge possible from two jets at the pressure mentioned in paragraph (c) of this Regulation from the smallest pump.

(h) International Shore Connection

The international shore connection required by paragraph (d) of Regulation 64 and paragraph (d) of Regulation 65 of this Chapter to be installed in the ship shall be in accordance with the following specification and the appended sketch.

Buiteursnee: 7 duim (of 178 millimeters).
 Binnedursnee: 2½ duim (of 64 millimeters).
 Deursnee van die boutsirkel: 5½ duim (of 132 millimeters).
 Gate: 4 gate met 'n deursnee van ¾ duim (of 19 millimeters), ewe ver uit mekaar aangebring, ggleuf na die flensrand.
 Dikte van die flens: minstens $\frac{1}{16}$ duim (of 14.5 millimeters).
 Boute: 4, elk met 'n deursnee van $\frac{1}{8}$ duim (of 16 millimeters), en 2 duim (of 50 millimeters) lank.
 Flensoppervlakte: Plat vlak.
 Materiaal: Enige materiaal geskik vir gebruik onder 'n drukking van 150 pond per vierkante duim (of 10.5 kilogram per vierkante sentimeter).
 Pakstuk: Enige pakstuk geskik vir gebruik onder 'n drukking van 150 pond per vierkante duim (of 10.5 kilogram per vierkante sentimeter).
 Die aansluiting moet vervaardig wees van materiaal wat geskik is vir gebruik onder 'n drukking van 150 pond per vierkante duim (of 10.5 kilogram per vierkante sentimeter). Die flens moet aan die een kant 'n plat vlak hê en aan die ander kant moet daar 'n permanente bevestigde koppeling wees wat op die skip se brandkrane en slang sal pas. Die aansluiting, tesame met 'n pakstuk van materiaal geskik vir gebruik onder 'n drukking van 150 pond per vierkante duim (of 10.5 kilogram per vierkante sentimeter), asook vier boute van $\frac{1}{8}$ duim (of 16 millimeters) dik en 2 duim (of 50 millimeters) lank en agt wasters, moet aan boord van die skip gehou word.

INTERNASIONALE LANDAANSLUITING (SKIP)



REGULASIE 57


Brandblussers (draagbaar en nie-draagbaar)

(a) Alle brandblussers moet van goedgekeurde tipes en ontwerpe wees.

(i) Die inhoudsvermoë van vereiste draagbare vloeistofblussers moet hoogstens 3 gelling (of 13½ litres) en minstens 2 gelling (of 9 litres) wees. Ander blussers moet nie die ekwivalente draagbaarheid van die vloeistofblusser van 3 gelling (of 13½ litres) oorskry nie en hul blusvermoë moet nie minder

Outside diameter: 7 inches (or 178 millimetres).
 Inner diameter: 2½ inches (or 64 millimetres).
 Bolt circle diameter: 5½ inches (or 132 millimetres).
 Holes: 4 holes of $\frac{1}{8}$ inch (or 19 millimetres) diameter equidistantly placed, slotted to the flange periphery.
 Flange thickness: $\frac{1}{16}$ inch (or 14.5 millimetres) minimum.
 Bolts: 4, each of $\frac{1}{8}$ inch (or 16 millimetres) diameter, 2 inches (or 50 millimetres) in length.
 Flange surface: flat face.
 Material: any suited to 150 pounds per square inch (or 10.5 kilograms per square centimetre) service.
 Gasket: any suited to 150 pounds per square inch (or 10.5 kilograms per square centimetre) service.
 The connection shall be constructed of material suitable for 150 pounds per square inch (or 10.5 kilograms per square centimetre) service. The flange shall have a flat face on one side, and to the other shall have permanently attached thereto a coupling that will fit the ship's hydrants and hose. The connection shall be kept aboard the ship together with a gasket of any material suitable for 150 pounds per square inch (or 10.5 kilograms per square centimetre) service, together with four $\frac{1}{8}$ inch (or 16 millimetres) bolts, 2 inches (or 50 millimetres) in length and eight washers.

INTERNATIONAL SHORE CONNECTION (SHIP)



REGULATION 57

Fire Extinguishers (Portable and Non-Portable)

(a) All fire extinguishers shall be of approved types and designs.

(i) The capacity of required portable fluid extinguishers shall be not more than 3 gallons (or 13½ litres) and not less than 2 gallons (or 9 litres). Other extinguishers shall not be in excess of the equivalent portability of the 3 gallon (or 13½ litres) fluid extinguisher and shall not be less than the fire

wees as die brandblus-ekwivalent van 'n vloeistof-blusser van 2 gelling (of 9 liters) nie.
(ii) Die Administrasie moet die ekwivalente van brandblusser bepaal.
(b) Reserweladings moet voorsien word ooreenkomsdig die vereistes wat deur die Administrasie gespesifieer moet word.

(c) Brandblusser wat 'n blusmiddel bevat wat of van self of in gebruik gas afgee wat nadelig is vir persone, moet nie toegelaat word nie. Vir radiokamers en skakelborde kan blusser wat hoogstens 'n kwart gelling (of 1.136 liters) koolstoftetrachloried of soortgelyke blusmidels bevat, na goeddunke van die Administrasie toegelaat word, mits sodanige blusser bykomstig is by enige wat by hierdie deel van hierdie hoofstuk vereis word.

(d) Brandblusser moet periodiek ondersoek en aan sodanige toetse onderwerp word as wat die Administrasie vereis.

(e) Een van die draagbare brandblusser wat vir gebruik in 'n ruimte bedoel is, moet naby die ingang na daardie ruimte gebere word.

REGULASIE 58

Brandsmoorgas of stoom vir masjinerie- en vragsruimtes

- (1) 'n drukwatersproeistelsel wat aan die bepalings van regulasie 62 van hierdie hoofstuk voldoen;
 (2) 'n brandsmoorgasinstallasie wat aan die bepalings van regulasie 58 van hierdie hoofstuk voldoen;
 (3) 'n vaste skuiminstallasie wat aan die bepalings van regulasie 60 van hierdie hoofstuk voldoen. (Die Administrasie kan vaste of mobiele drukwater- of skuimsproei-inrigtings vir die bestryding van brand bokant die vloerplate vereis).

In elke geval waar die masjien- en ketelkamers nie geheel en al afsonderlik is nie of waar oliebrandstof vanaf die ketelkamer na die masjienkamerkimme kan dreineer, moet die gekombineerde masjien- en ketelkamers as een afdeling beskou word.

- (ii) Daar moet in elke stookruimte in elke ketelkamer en in elke ruimte waarin 'n deel van die oliebrandstofinstallasie geleë is, minstens twee goedgekeurde draagbare blussers wees wat skuim of 'n ander goedgekeurde middel geskik vir die blus van oliebrande uitlaat. Daarbenewens moet daar vir elke brander minstens een blusser van dieselfde beskrywing met 'n inhoudsvermoë van 2 gelling (of 9 liters) wees; met dien verstande dat die totale inhoudsvermoë van die addisionele blusser of blussers nie 10 gelling (of 45 liters) vir 'n enkele ketelkamer hoef te oorskryf nie.
 (iii) In elke stookruimte moet daar 'n houer wees met sand, saagsels deurtrokke van soda of ander goedgekeurde droë materiaal en wel in sodanige hoeveelheid as wat deur die Administrasie vereis word. As alternatief kan 'n goedgekeurde draagbare blusser in die plek daarvan verskaf word.

(h) Brandbestrydingstoestelle in ruimtes wat masjinerie van die binnebrandtipe bevat

Wanneer masjiene van die binnebrandtipe gebruik word of (1) as hoofaandrywingsmasjinerie of (2) vir hulpdoel-eindes wat in verband staan met 'n totale krag van minstens 1,000 r.p.k., moet 'n vragskip van 1,000 ton bruto tonnemaat en meer met die volgende inrigtings toegerus word:—

- (i) Daar moet een van die vaste inrigtings wees wat by subparagraph (g) (i) van hierdie regulasie vereis word.
 (ii) In elke masjienuimte moet daar een goedgekeurde skuimtipe blusser wees met 'n inhoudsvermoë van minstens 10 gelling (of 45 liters) of die ekwivalent daarvan, en ook een goedgekeurde draagbare skuimblusser vir elke 1,000 r.p.k., van die masjiene of deel daarvan, maar die totale getal draagbare blussers wat aldus verskaf is, mag nie kleiner as twee en hoef nie groter as ses te wees nie.

(i) Brandbestrydingsinrigtings in ruimtes wat stoomturbines bevat en waarvoor geen vaste installasie nodig is nie

Die Administrasie moet spesiale oorweging skenk aan die brandblusinrigtings wat verskaf moet word in ruimtes wat stoomturbines bevat en deur waterdige beskotte van ketelkamers geskei is.

(j) Uitrusting vir brandweermanne

Aan boord van 'n vragskip moet daar minstens een brandweermansuitrusting wees wat voldoen aan die vereistes van regulasie 63 van hierdie hoofstuk.

REGULASIE 66

Geredelike beskikbaarheid van brandbestrydingstoestelle

Brandblustoestellie in nuwe en bestaande passasierskepe en vragskepe moet te alle tye gedurende die reis in goeie orde en vir onmiddellike gebruik beskikbaar gehou word.

- (1) A pressure water spraying system complying with Regulation 62 of this Chapter;
 (2) A fire smothering gas installation complying with Regulation 58 of this Chapter;
 (3) A fixed froth installation complying with Regulation 60 of this Chapter. (The Administration may require fixed or mobile arrangements by pressure water or froth spraying to fight fire above the floor plates.)

In each case if the engine and boiler rooms are not entirely separate, or if fuel oil can drain from the boiler room into the engine room bilges, the combined engine and boiler rooms shall be considered as one compartment.

- (ii) There shall be at least two approved portable extinguishers discharging froth or other approved medium suitable for extinguishing oil fires in each firing space in each boiler room and each space in which a part of the oil fuel installation is situated. In addition, there shall be at least one extinguisher of the same description with a capacity of 2 gallons (or 9 litres) for each burner, provided that the total capacity of the additional extinguisher or extinguishers need not exceed 10 gallons (or 45 litres) for any one boiler room.
 (iii) In each firing space there shall be a receptacle containing sand, sawdust impregnated with soda, or other approved dry material in such quantity as may be required by the Administration. Alternatively an approved portable extinguisher may be substituted therefor.

(h) Fire Fighting Appliances in Spaces containing Internal Combustion Type Machinery

Where internal combustion type engines are used, either (1) for main propulsion machinery, or (2) for auxiliary purposes associated with a total power not less than 1,000 b.h.p., a cargo ship of 1,000 tons gross tonnage and upwards shall be provided with the following arrangements:—

- (i) There shall be one of the fixed arrangements required by subparagraph (g) (i) of this Regulation.
 (ii) There shall be in each engine space one approved froth type extinguisher of not less than 10 gallons (or 45 litres) capacity or equivalent and also one approved portable froth extinguisher for each 1,000 b.h.p. of the engines or part thereof; but the total number of portable extinguishers so supplied shall be not less than two and need not exceed six.

(i) Fire Fighting Arrangements in Spaces containing Steam Turbines and not requiring any Fixed Installation

The Administration shall give special consideration to the fire extinguishing arrangements to be provided in spaces containing steam turbines which are separated from boiler rooms by watertight bulkheads.

(j) Fireman's Outfit

A cargo ship shall carry at least one fireman's outfit complying with the requirements of Regulation 63 of this Chapter.

REGULATION 66

Ready Availability of Fire Fighting Appliances

Fire extinguishing appliances in new and existing passenger ships and cargo ships shall be kept in good order and available for immediate use at all times during the voyage.

REGULASIE 67

Aanvaarding van substitute

Waar daar in hierdie deel van hierdie hoofstuk 'n spesiale tipe van toestel, apparaat, blusmiddel of inrigting gespesifiseer word, kan enige ander tipe toestel, ens., toegelaat word, mits die Administrasie daarvan oortuig is dat dit nie minder doeltreffend is nie.

DEEL F—ALGEMENE VOORSORGSMATREËLS TEEN BRAND

(Deel F is op Passasier-skepe en Vragskepe van Toepassing.)

REGULASIE 68

Nooduitgange

(a) Passasier-skepe.

(i) In en vanaf alle passasier- en bemanningsruimtes en ruimtes waarin bemanningslede normaalweg diens verrig, behalwe masjinerieruimtes, moet trappe en lere so ingerig word dat hulle geredelik ontsnapping na die reddingsbootinskepingsdek moontlik maak. In die besonder moet daar aan die volgende voorsorgsmaatreëls voldoen word:—

- (1) Onderkant die beskotdek, moet daar vir elke waterdige afdeling of soortgelyke beperkte ruimte of groep ruimtes twee nooduitgange verskaf word, waarvan minstens een onafhanklik van waterdige deure moet wees. Met behoorlike inagneming van die aard en ligging van die betrokke ruimtes en van die getal persone wat gewoonlik daar gehuisves mag word of werkzaam mag wees, kan die Administrasie van een van hierdie nooduitgange afseien.
- (2) Bokant die beskotdek moet daar vanuit elke vertikale hoofsone of soortgelyke beperkte ruimte of groep ruimtes minstens twee praktiese nooduitgange wees, waarvan minstens een toegang moet verleen tot 'n trap wat 'n vertikale nooduitgang vorm.
- (3) Minstens een van die nooduitgange moet wees langs 'n ingeslotte trap wat geredelik toeganklik is en wat vir sover doenlik vanaf die vlak van sy oorsprong tot by die reddingsbootinskepingsdek onafgebroke beskutting teen brand moet verskaf. Die wydte, getal en onafgebrokeheid van die trappe moet die goedkeuring van die Administrasie wegsdra.

(ii) In masjinerieruimtes moet daar vanaf elke masjineriekamer, astunnel en ketelkamer twee nooduitgange verskaf word, waarvan een 'n waterdige deur kan wees. In masjinerieruimtes, waar geen waterdige deur beskikbaar is nie, moet die twee nooduitgange die vorm aanneem van twee stelle staallere, so ver van mekaar as moontlik, wat lei na deure in die kaste wat insgelyks van mekaar geskei is en vanwaar toegang tot die inskepingsdek verleen word. In die geval van skepe van minder as 2,000 ton bruto tonnemaat, kan die Administrasie met behoorlike inagneming van die wydte en die disposisie van die kaste, van hierdie vereiste afsien.

(b) Vragskepe.

(i) In en vanaf alle bemannings- en passasierruimtes en ruimtes waarin bemanningslede normaalweg diens verrig, behalwe masjinerieruimtes, moet trappe en lere so ingerig word dat hulle geredelik ontsnapping na die reddingsbootinskepingsdek moontlik maak.

(ii) Die vereistes van subparagraaf (a) (ii) van hierdie regulasie is van toepassing in masjinerieruimtes.

REGULATION 67

Acceptance of Substitutes

Where in this Part of this Chapter any special type of appliance, apparatus, extinguishing medium or arrangement is specified, any other type of appliance, &c. may be allowed, provided the Administration is satisfied that it is not less effective.

PART F.—GENERAL FIRE PRECAUTIONS

(Part F applies to passenger ships and cargo ships)

REGULATION 68

Means of Escape

(a) Passenger Ships

(i) In and from all passenger and crew spaces and spaces in which crew are normally employed, other than machinery spaces, stairways and ladderways shall be arranged so as to provide ready means of escape to the lifeboat embarkation deck. In particular the following precautions shall be complied with:—

- (1) below the bulkhead deck, two means of escape, at least one of which shall be independent of watertight doors, shall be provided for each watertight compartment or similarly restricted space or group of spaces. One of these means of escape may be dispensed with by the Administration, due regard being paid to the nature and the location of spaces concerned, and to the number of persons who normally might be quartered or employed there;
- (2) above the bulkhead deck, there shall be at least two practical means of escape from each main vertical zone or similarly restricted space or group of spaces at least one of which shall give access to a stairway forming a vertical escape;
- (3) at least one of the means of escape shall be by means of a readily accessible enclosed stairway, which shall provide as far as practicable continuous fire shelter from the level of its origin to the lifeboat embarkation deck. The width, number and continuity of the stairways shall be to the satisfaction of the Administration.

(ii) In machinery spaces, two means of escape, one of which may be a watertight door, shall be provided from each engine room, shaft tunnel and boiler room. In machinery spaces, where no watertight door is available, the two means of escape shall be formed by two sets of steel ladders as widely separated as possible leading to doors in the casing similarly separated and from which access is provided to the embarkation deck. In the case of ships of less than 2,000 tons gross tonnage, the Administration may dispense with this requirement, due regard being paid to the width and the disposition of the casing.

(b) Cargo Ships

(i) In and from all crew and passenger spaces and spaces in which crew are normally employed, other than machinery spaces, stairways and ladders shall be arranged so as to provide ready means of escape to the lifeboat embarkation deck.

(ii) In machinery spaces, the requirements of subparagraph (a) (ii) of this Regulation shall apply.

REGULASIE 69

Middels om masjinerie tot stilstand te bring en om oliebrandstofsuigpype af te sluit

(a) Middels moet verskaf word om ventilasiewaaiers wat masjinerie- en vragsruimtes bedien tot stilstand te bring en om alle deuropenings, lugskagte, ringvormige ruimtes om skoorstene en ander openings na sulke ruimtes toe te maak. Hierdie middels moet in die geval van brand buite sodanige ruimtes vandaan bedien kan word.

(b) Masjinerie wat geforseerde trek-waaiers en suigwaaiers, oliebrandstofoorvoerpompe, oliebrandstofeenheidspompe en ander soortgelyke brandstofpompe aandryf, moet met afstandsbeheermiddels buite die betrokke ruimte toegerus word sodat hulle tot stilstand gebring kan word indien 'n brand ontstaan in die ruimte waarin hulle geleë is.

(c) Elke oliebrandstofsuigpyp vanaf 'n oppaar-, besink- of daelikse diensten wat bokant die dubbele boom geleë is, moet toegerus word met 'n kraan of klep wat buite die betrokke ruimte vandaan toegemaak kan word indien 'n brand ontstaan in die ruimte waarin sodanige tanks geleë is. In die besondere geval van dieptentanks wat in 'n as- of pyptunnel geleë is, moet kleppe aan die tanks aangebring word, maar beheer in die geval van brand kan bewerkstellig word deur middel van 'n addisionele klep aan die pyplyn of -lyne buite die tonnel of tonnels.

REGULASIE 70

Brandbeheerplanne

In enige passasierskip en, vir sover toepaslik, in enige vragskip moet daar vir die leiding van die skip se offisiere algemene inrigtingsplanne blywend vertoon word wat duidelik vir elke dek aantoon die beheerposte, die verskillende brandseksies omsluit deur brandvaste beskotte, die seksies omsluit deur brandvertragende beskotte (indien daar is), tesame met besonderhede van die brandalarms, verklikstelsels, die sproeierinstallasie (indien daar is), die brandblustoestelle, die toegange tot die verskillende afdelings, dekke, ens., en die ventilasiestelsel met inbegrip van die hoofwaaierbeheermiddels, die posisies van dempers en die identifikasienummers van die ventilasiewaaiers wat elke seksie bedien. As alternatief en na goedvindie deur die Administrasie kan bogenoemde besonderhede uiteengesit word in 'n boekie waarvan 'n eksemplaar aan elke offisier verskaf moet word en een eksemplaar te alle tye op 'n toeganklike plek aan boord beskikbaar moet wees. Die planne en boekies moet altyd bygewerk word en enige wysigings moet so spoedig doenlik daarop of daarin aangebring word.

HOOFSTUK III—REDDINGSTOESTELLE, ENS.

REGULASIE 1

Toepassing

(a) Behalwe wanneer uitdruklik anders bepaal word, is hierdie hoofstuk as volg van toepassing op nuwe skepe wat vir internasionale reise gebruik word:—

Deel A—Passasiersskepe en vragskepe.

Deel B—Passasiersskepe.

Deel C—Vragskepe.

(b) In die geval van bestaande skepe wat vir internasionale reise gebruik word en nie reeds aan die bepaling van hierdie hoofstuk betreffende nuwe skepe voldoen nie, moet die maatreëls wat op elke skip getref moet word, deur die Administrasie oorweeg word met die doel om te verseker dat, vir sover doenlik en redelik en so spoedig moontlik wesenlik aan die voorskrifte van hierdie hoofstuk voldoen word. Die voorbehoudsbepaling

REGULATION 69

Means for Stopping Machinery and for Shutting Off Oil Fuel Suction Pipes

(a) Means shall be provided for stopping ventilating fans serving machinery and cargo spaces and for closing all doorways, ventilators, annular spaces around funnels and other openings to such spaces. These means shall be capable of being operated from outside such spaces in case of fire.

(b) Machinery driving forced and induced draught fans, oil fuel transfer pumps, oil fuel unit pumps and other similar fuel pumps shall be fitted with remote controls situated outside the space concerned so that they may be stopped in the event of a fire arising in the space in which they are located.

(c) Every oil fuel suction pipe from a storage, settling or daily service tank situated above the double bottom shall be fitted with a cock or valve capable of being closed from outside the space concerned in the event of a fire arising in the space in which such tanks are situated. In the special case of deep tanks situated in any shaft or pipe tunnel, valves on the tanks shall be fitted but control in event of fire may be effected by means of an additional valve on the pipe line or lines outside the tunnel or tunnels.

REGULATION 70

Fire Control Plans

In any passenger ship, and, as far as applicable in any cargo ship, there shall be permanently exhibited for the guidance of the ship's officers general arrangement plans showing clearly for each deck the control stations, the various fire sections enclosed by fire-resisting bulkheads, the sections enclosed by fire-retarding bulkheads (if any), together with particulars of the fire alarms, detecting systems, the sprinkler installation (if any), the fire extinguishing appliances, means of access to different compartments, decks, &c., and the ventilating system including particulars of the master fan controls, the positions of dampers and identification numbers of the ventilating fans serving each section. Alternatively, at the discretion of the Administration, the aforementioned details may be set out in a booklet, a copy of which shall be supplied to each officer, and one copy at all times shall be available on board in an accessible position. Plans and booklets shall be kept up-to-date, any alterations being recorded thereon as soon as practicable.

CHAPTER III.—LIFE-SAVING APPLIANCES, ETC.

REGULATION 1

Application

(a) This Chapter, except where it is otherwise expressly provided, applies as follows to new ships engaged on international voyages:—

Part A—Passenger ships and cargo ships.

Part B—Passenger ships.

Part C—Cargo ships.

(b) In the case of existing ships engaged on international voyages and which do not already comply with the provisions of this Chapter relating to new ships, the arrangements in each ship shall be considered by the Administration with a view to securing, so far as this is practicable and reasonable, and as early as possible, substantial compliance with the requirements of this Chapter. The proviso

van subparagraaf (b) (i) van regulasie 27 van hierdie hoofstuk kan egter alleen op bestaande skepe toegepas word indien—

- (i) aan die bepalings van regulasies 4, 8, 14, 18 en 19 en paragrawe (a) en (b) van regulasie 27 van hierdie hoofstuk voldoen word;
- (ii) die reddingsvlotte wat ooreenkomsdig die bepalings van paragraaf (b) van regulasie 27 aan boord moet wees, aan die voorskrifte van of regulasie 15 of regulasie 16 en van regulasie 17 van hierdie hoofstuk voldoen; en
- (iii) die totale getal persone aan boord nie vergroot word as gevolg van die verskaffing van reddingsvlotte nie.

DEEL A—ALGEMEEN

(Deel A is op sowel passasierskepe as vragskepe van toepassing.)

REGULASIE 2

Definisies

(a) Vir die toepassing van hierdie hoofstuk beteken die uitdrukking „kort internasionale reis” ‘n internasionale reis waarop ‘n skip nie meer as 200 myl sal wees vanaf ‘n hawe of plek waarin die passasiers en bemanning in veiligheid gebring sal kan word nie en waarop die afstand tussen die laaste aanloophawe in die land waarin die reis ‘n aanvang geneem het en die uiteindelike bestemmingshawe nie meer as 600 myl sal wees nie.

(b) Vir die toepassing van hierdie hoofstuk beteken die uitdrukking „reddingsvlot” ‘n reddingsvlot wat of aan regulasie 15 of aan regulasie 16 van hierdie hoofstuk voldoen.

(c) Vir die toepassing van hierdie hoofstuk beteken die uitdrukking „goedgekeurde tewaterlatingsstoestel” ‘n stoestel wat deur die Administrasie goedgekeur is en in staat is om ‘n reddingsvlot met die volle getal persone wat hy mag ophê en sy volledige uitrusting aan boord vanaf die inskepingsplek te water te laat.

(d) Vir die toepassing van hierdie hoofstuk beteken die uitdrukking „gediplomeerde reddingsbootman” ‘n lid van die bemanning wat die houer is van ‘n bevoegdheidsertifikaat wat ooreenkomsdig regulasie 32 van hierdie hoofstuk uitgereik is.

(e) Vir die toepassing van hierdie hoofstuk beteken die uitdrukking „drywende toestel” dryfuitrusting (behalwe reddingsbote, reddingsvlotte, reddingsboeie en reddingsbuise) wat ontwerp is om ‘n gespesifieerde getal persone in die water te onderskraag en so gebou is dat hy sy vorm en eienskappe behou.

REGULASIE 3

Vrystellings

(a) Indien die Administrasie van mening is dat die beskutte aard en omstandighede van die reis sodanig is dat dit die toepassing van die volle vereistes van hierdie hoofstuk onredelik en onnodig sou maak, kan hy in daardie mate individuele skepe of klasse skepe wat gedurende hul reis nie verder as 20 myl van die naaste land vaar nie, van die bepalings van hierdie hoofstuk vrystel.

(b) In die geval van passasierskepe wat op internasionale reise vir spesiale vaarte gebruik word vir die vervoer van groot getalle passasiers vir wie daar nie slaapbanke is nie, soos in die geval van ‘n pelgrimsvaart, kan die Administrasie, indien hy daarvan oortuig is dat die vereistes van hierdie hoofstuk nie toegepas kan word nie, sulke skepe op die volgende voorwaardes van daardie vereistes vrystel:—

to sub-paragraph (b) (i) of Regulation 27 of this Chapter may, however, be applied to existing ships only if—

- (i) the provisions of Regulations 4, 8, 14, 18 and 19, and paragraphs (a) and (b) of Regulation 27 of this Chapter are complied with;
- (ii) the liferafts carried in accordance with the provisions of paragraph (b) of Regulation 27 comply with the requirements of either Regulation 15 or Regulation 16, and of Regulation 17 of this Chapter; and
- (iii) the total number of persons on board shall not be increased as the result of the provision of liferafts.

PART A.—GENERAL

(Part A applies to both passenger ships and cargo ships)

REGULATION 2

Definitions

(a) For the purpose of this Chapter the expression “short international voyage” means an international voyage in the course of which a ship is not more than 200 miles from a port or place in which the passengers and crew could be placed in safety, and which does not exceed 600 miles in length between the last port of call in the country in which the voyage begins and the final port of destination.

(b) For the purposes of this Chapter, the expression “liferaft” means a liferaft complying with either Regulation 15 or Regulation 16 of this Chapter.

(c) For the purposes of this Chapter, the expression “approved launching device” means a device approved by the Administration, capable of launching from the embarkation position a liferaft fully loaded with the number of persons it is permitted to carry and with its equipment.

(d) For the purposes of this Chapter, the expression “certificated lifeboatman” means any member of the crew who holds a certificate of efficiency issued under the provisions of Regulation 32 of this Chapter.

(e) For the purposes of this Chapter, the expression “buoyant apparatus” means flotation equipment (other than lifeboats, liferafts, lifebuoys and lifejackets) designed to support a specified number of persons who are in the water and of such construction that it retains its shape and properties.

REGULATION 3

Exemptions

(a) The Administration, if it considers that the sheltered nature and conditions of the voyage are such as to render the application of the full requirements of this Chapter unreasonable or unnecessary, may to that extent exempt from the requirements of this Chapter individual ships or classes of ships which, in the course of their voyage, do not go more than 20 miles from the nearest land.

(b) In the case of passenger ships engaged on international voyages which are employed in the carriage of large numbers of unberthed passengers in special trades, such, for example, as the pilgrim trade, the Administration, if satisfied that it is impracticable to enforce compliance with the requirements of this Chapter, may exempt such ships from those requirements on the following conditions—

- (i) Die volste voorsiening wat onder die omstandighede van die reise moontlik is, moet in verband met reddingsbote en ander reddingsuitrusting en beskerming teen brand gemaak word.
- (ii) Al sulke bote en toestelle moet binne die bedoeling van regulasie 4 van hierdie hoofstuk geredelik beskikbaar wees.
- (iii) Daar moet vir elkeen aan boord 'n reddingsbuis wees.
- (iv) Stapte moet gedoen word om algemene reëls op te stel wat vir die bepaalde omstandighede van hierdie vaarte moet geld. Sulke reëls moet opgestel word in oorelog met sodanige ander Kontrakterende Regerings, indien enige, as wat direkte belang mag hê by die vervoer van sulke passasiers op sulke vaarte.

Nieteenstaande enige bepalings van die huidige Konvensie, bly die Simla-reëls, 1931, van krag tussen die partye by daardie Reëls totdat die reëls wat opgestel ingevolge subparagraaf (b) (iv) van hierdie regulasie in werking tree.

REGULASIE 4

Geredelike beskikbaarheid van reddingsbote, reddingsvlotte en drywende toestelle

(a) Die algemene beginsel wat geld vir die verskaffing van reddingsbote, reddingsvlotte en drywende toestelle op 'n skip waarop hierdie hoofstuk van toepassing is, is dat hulle in 'n noodgeval geredelik beskikbaar sal wees.

(b) Ten einde geredelik geskikbaar te wees, moet die reddingsbote, reddingsvlotte en drywende toestelle aan die volgende voorwaarde voldoen:—

- (i) Hulle moet selfs onder ongunstige omstandighede met betrekking tot kop- of stuurlas en met 'n slag sy van 15 grade veilig en vinnig te water gelaat kan word.
- (ii) Dit moet moontlik wees om inskeping in die reddingsbote en reddingsvlotte vinnig en ordelik te bewerkstellig.
- (iii) Elke reddingsboot, reddingsvlot en drywende toestel moet so geplaas wees dat dit nie die hantering van ander bote, reddingsvlotte en drywende toestelle sal belemmer nie.

(c) Alle reddingstoestelle moet in werkende orde en vir onmiddellike gebruik beskikbaar gehou word voordat die skip die hawe verlaat en te alle tye gedurende die reis.

REGULASIE 5

Bou van reddingsbote

(a) Alle reddingsbote moet behoorlik gebou wees en so 'n vorm en sulke afmetings hê dat hulle voldoende stabilitet in 'n seegang en met die volle kwota persone en uitrusting aan boord, voldoende vryboord sal hê. Alle reddingsbote moet in staat wees om positiewe stabilitet te behou wanneer hulle aan die see blootgestel is en hul volle kwota persone en uitrusting aan boord het.

(b) (i) Alle reddingsbote moet onbuigsame sye en slegs inwendige dryfvermoë hê. Die Administrasie kan reddingsbote met 'n onbuigsame onderdak goedkeur, mits dit sowel van binne as van buite maklik oopgemaak kan word en nie vinnige inskeping en ontskeping of die te-waterlating en hantering van die reddingsboot belemmer nie.

(ii) Motorreddingsbote kan tot tevredenheid van die Administrasie toegerus word met middels om te voorkom dat water by die voorstewe binnedring.

- (i) that the fullest provision which the circumstances of the trade will permit shall be made in the matter of lifeboats and other life-saving appliances and fire protection;
- (ii) that all such boats and appliances shall be readily available within the meaning of Regulation 4 of this Chapter;
- (iii) that a lifejacket shall be provided for every person on board; and
- (iv) that steps shall be taken to formulate general rules which shall be applicable to the particular circumstances of these trades. Such rules shall be formulated in concert with such other Contracting Governments, if any, as may be directly interested in the carriage of such passengers in such trades.

Notwithstanding any provisions of the present Convention the Simla Rules, 1931, shall continue in force as between the Parties to those Rules until the rules formulated under sub-paragraph (b) (iv) of this Regulation come into force.

REGULATION 4

Ready Availability of Lifeboats, Liferafts and Buoyant Apparatus

(a) The general principle governing the provisions of lifeboats, liferafts and buoyant apparatus in a ship to which this Chapter applies is that they shall be readily available in case of emergency.

(b) To be readily available, the lifeboats, liferafts and buoyant apparatus shall comply with the following conditions:—

- (i) they shall be capable of being put into the water safely and rapidly even under unfavourable conditions of trim and of 15 degrees of list;
- (ii) it shall be possible to effect embarkation into the lifeboats and liferafts rapidly and in good order;
- (iii) the arrangement of each lifeboat, liferaft and article of buoyant apparatus shall be such that it will not interfere with the operation of other boats, liferafts and buoyant apparatus.

(c) All the life-saving appliances shall be kept in working order and available for immediate use before the ship leaves port and at all times during the voyage.

REGULATION 5

Construction of Lifeboats

(a) All lifeboats shall be properly constructed and shall be of such form and proportions that they shall have ample stability in a seaway, and sufficient freeboard when loaded with their full complement of persons and equipment. All lifeboats shall be capable of maintaining positive stability when open to the sea and loaded with their full complement of persons and equipment.

(b) (i) All lifeboats shall have rigid sides and internal buoyancy only. The Administration may approve lifeboats with a rigid shelter, provided that it may be readily opened from both inside and outside, and does not impede rapid embarkation and disembarkation or the launching and handling of the lifeboat.

(ii) Motor lifeboats may be fitted to the satisfaction of the Administration with means for preventing the entry of water at the fore end.

(iii) Alle reddingsbote moet 'n lengte hê van minstens 24 voet (of 7.3 meters), behalwe wanneer die Administrasie dit weens die grootte van die skip of om ander redes onredelik of ondoenlik ag om sulke reddingsbote aan boord te hê. Op geen skip mag die reddingsbote minder as 16 voet (of 4.9 meters) lank wees nie.

(c) Geen reddingsboot mag goedgekeur word wat met sy volle lading persone en uitrusting meer as 20 ton (of 20,300 kilogram) weeg of op grondslag van regulasie 7 van hierdie hoofstuk 'n dravermoë van meer as 150 persone het nie.

(d) Alle reddingsbote wat toegelaat word om meer as 60 persone maar hoogstens 100 persone te dra, moet óf motorreddingsbote wees wat aan die vereistes van regulasie 9 van hierdie hoofstuk voldoen, óf reddingsbote wat toegerus is met 'n goedgekeurde meganiese aandryfmiddel wat aan regulasie 10 van hierdie hoofstuk voldoen. Alle reddingsbote wat toegelaat word om meer as 100 persone te dra, moet motorreddingsbote wees wat aan die vereistes van regulasie 9 van hierdie hoofstuk voldoen.

(e) Alle reddingsbote moet sterk genoeg wees om veilig te water gelaat te kan word wanneer hulle hul volle kwota persone en uitrusting aan boord het. Alle reddingsbote moet so sterk wees dat hulle nie enige nadefleksie sal toon wanneer hulle aan 'n oorbelasting van 25 persent onderwerp word nie.

(f) Alle reddingsbote moet 'n gemiddelde seeg hê wat minstens gelyk is aan 4 persent van hulle lengte. Die seeg moet ongeveer 'n paraboliese vorm hê.

(g) In reddingsbote wat toegelaat word om 100 of meer persone te dra, moet die volume van die dryfvermoë tot tevredenheid van die Administrasie vergroot word.

(h) Alle reddingsbote moet inherente dryfvermoë hê, of moet toegerus wees met waterdigte lugkaste of ander ekwivalente korrosievrye drywende materiaal wat nie deur olie of olieprodukte nadelig aangetas sal word nie en voldoende is om die boot en sy uitrusting drywend te hou wanneer die boot vol water en aan die see bloatgestel is. 'n Addisionele volume waterdigte lugkaste of ander ekwivalente korrosievrye drywende materiaal wat nie deur olie of olieprodukte nadelig aangetas word nie en gelyk is aan minstens een tiende van die kubieke inhoud van die boot, moet ook verskaf word. Die Administrasie kan toelaat dat die waterdigte lugkaste gevul word met 'n korrosievrye drywende materiaal wat nie deur olie of olieprodukte nadelig aangetas word nie.

(i) Alle dwarsbanke en sybanke moet so laag doenlik in die reddingsboot aangebring word.

(j) In die geval van alle reddingsbote, behalwe houtreddingsbote wat van planke vervaardig is, moet die blokkoeffisient van die kubieke inhoud van die boot, soos ooreenkomsdig regulasie 6 van hierdie hoofstuk bepaal, minstens 0.64 wees.

REGULASIE 6

Kubieke inhoud van reddingsbote

(a) Die kubieke inhoud van 'n reddingsboot moet bepaal word volgens die reël van Stirling (Simpson) of volgens enige ander ewe noukeurige metode. Die inhoud van 'n reddingsboot met 'n plat agterstewe moet bereken word asof die reddingsboot 'n skerp agterstewe het.

(b) 'n Reddingsboot se inhoud in kubieke voet (of kubieke meters) wat met behulp van die reël van Stirling bereken word, kan byvoorbeeld beskou word as uitgedruk deur die volgende formule, naamlik—

$$\text{Inhoud} = \frac{L}{12} (4A + 2B + 4C)$$

waar L die reddingsboot se lengte in voet (of meters) vanaf die binnekant van die beplanking of beplating van

(iii) All lifeboats shall be not less than 24 feet (or 7.3 metres) in length except where owing to the size of the ship, or for other reasons, the Administration considers the carriage of such lifeboats unreasonable or impracticable. In no ship shall the lifeboats be less than 16 feet (or 4.9 metres) in length.

(c) No lifeboat may be approved the weight of which when fully laden with persons and equipment exceeds 20 tons (or 20,300 kilograms) or which has a carrying capacity calculated in accordance with Regulation 7 of this Chapter of more than 150 persons.

(d) All lifeboats permitted to carry more than 60 persons but not more than 100 persons shall be either motor lifeboats complying with the requirements of Regulation 9 of this Chapter or be lifeboats fitted with an approved means of mechanical propulsion complying with Regulation 10 of this Chapter. All lifeboats permitted to carry more than 100 persons shall be motor lifeboats complying with the requirements of Regulation 9 of this Chapter.

(e) All lifeboats shall be of sufficient strength to enable them to be safely lowered into the water when loaded with their full complement of persons and equipment. All lifeboats shall be of such strength that they will not suffer residual deflection if subjected to an overload of 25 per cent.

(f) All lifeboats shall have a mean sheer at least equal to 4 per cent of their length. The sheer shall be approximately parabolic in form.

(g) In lifeboats permitted to carry 100 or more persons the volume of the buoyancy shall be increased to the satisfaction of the Administration.

(h) All lifeboats shall have inherent buoyancy, or shall be fitted with watertight air cases or other equivalent non-corrodible buoyant material which shall not be adversely affected by oil or oil products, sufficient to float the boat and its equipment when the boat is flooded and open to the sea. An additional volume of watertight air cases or other equivalent non-corrodible buoyant material, which shall not be adversely affected by oil or oil products, equal to at least one-tenth of the cubic capacity of the boat shall also be provided. The Administration may permit the watertight air cases to be filled with a non-corrodible buoyant material which shall not be adversely affected by oil or oil products.

(i) All thwarts and side-seats shall be fitted as low in the lifeboat as practicable.

(j) The block coefficient of the cubic capacity as determined in accordance with Regulation 6 of this Chapter of all lifeboats, except wooden lifeboats made of planks, shall be not less than 0.64.

REGULATION 6

Cubic Capacity of Lifeboats

(a) The cubic capacity of a lifeboat shall be determined by Stirling's (Simpson's) Rule or by any other method giving the same degree of accuracy. The capacity of a square-sterned lifeboat shall be calculated as if the lifeboat had a pointed stern.

(b) For example, the capacity in cubic feet (or cubic metres) of a lifeboat, calculated by the aid of Stirling's Rule, may be considered as given by the following formula:

$$\text{Capacity} = \frac{L}{12} (4A + 2B + 4C)$$

L being the length of the lifeboat in feet (or metres) from the inside of the planking or plating at the stem to the

die voorstewe tot by die ooreenkomsige punt van die agterstewe verteenwoordig; in die geval van 'n reddingsboot met 'n plat agterstewe word die lengte gemeet tot by die binnekant van die spieël.

A, B, C verteenwoordig onderskeidelik die oppervlaktes van die dwarsdeursnee op 'n kwart van die lengte voor midskeeps, en 'n kwart van die lengte agter wat ooreenkom met die drie punte wat verkry word deur L in vier gelyke dele te verdeel (die oppervlaktes aan die twee ente van die reddingsboot word as onbeduidend beskou).

Die oppervlaktes A, B, C word geag in vierkante voet (of vierkante meters) aangegee te wees deur agtereenvolgens die volgende formule op elk van die drie dwarsdeursnee toe te pas, naamlik—

$$\text{Oppervlakte} = \frac{h}{12} (a + 4b + 2c + 4d + e)$$

waar h die holte in voet (of meters) vanaf die binnekant van die beplanking of beplating van die kiel tot op die hoogte van die dolboord of, in sekere gevalle, tot op 'n laer hoogte, soos hierna bepaal, verteenwoordig.

a, b, c, d, e verteenwoordig die horisontale breedtes van die reddingsboot in voet (of in meters) op die boonste en onderste punte van die holte en op die drie punte wat verkry word deur h in vier gelyke dele te verdeel (a en e is die breedtes aan die uiteinde en c die breedte in die middel van h).

(c) Indien die seeg van die dolboord, gemeet op die twee punte wat op 'n kwart van die lengte van die reddingsboot se lengte vanaf die uiteindes geleë is, 1 persent van die lengte van die reddingsboot te bove gaan, moet die holte wat gebruik word by die berekening van die oppervlakte van die dwarsdeursnee A of C beskou word as die holte midskeeps plus 1 persent van die lengte van die reddingsboot.

(d) Indien die holte van die reddingsboot midskeeps 45 persent van die breedte te bove gaan, moet die holte wat gebruik word by die berekening van die oppervlakte van die midskeepse dwarsdeursnee B beskou word as gelyk aan 45 persent van die breedte, en die holte wat gebruik word by die berekening van die oppervlaktes van die deursnee A en C geleë op 'n kwart van die lengte, word verkry deur laasgenoemde syfer te vermeerder met 'n syfer gelyk aan 1 persent van die lengte van die reddingsboot; met dien verstande dat die holtes wat by die berekening gebruik word in geen geval die werklike holtes op hierdie punte mag te bove gaan nie.

(e) Indien die holte van 'n reddingsboot 4 voet (of 122 sentimeters) te bove gaan, moet die getal persone wat deur die toepassing van hierdie reël verkry word, eweredig in die verhouding waarin 4 voet (of 122 sentimeters) tot die werklike holte staan verminder word totdat die reddingsboot met daardie getal persone aan boord, almal met reddingsbuise aan, 'n bevredigende toets op die water deurgemaak het.

(f) Die Administrasie moet met behulp van gesikte formules 'n beperking stel op die getal persone wat toegelaat word in reddingsbote met baie skerp ente en in reddingsbote wat baie vol van vorm is.

(g) Die Administrasie kan aan 'n reddingsboot wat van planke gebou is, 'n inhoud gelyk aan 0.6 maal die produk van die lengte, die breedte en die holte toewys indien blyk dat hierdie formule nie 'n groter inhoud gee as dié wat volgens bogenoemde metode verkry word nie. Die afmetings moet dan op die volgende wyse gemeet word:—

Lengte.—Van die snypunt van die buitekant van die beplanking en die voorstewe, tot by die ooreenkomsige punt op die agterstewe of, in die geval van 'n boot met 'n plat agterstewe, tot die agterkant van die spieël.

Breedte.—Van die buitekant van die beplanking op die punt waar die boot die breedste is.

corresponding point at the stern post: in the case of a lifeboat with a square stern, the length is measured to the inside of the transom.

A, B, C denote respectively the areas of the cross-sections at the quarter-length forward, amidships, and the quarter-length aft, which correspond to the three points obtained by dividing L into four equal parts. (The areas corresponding to the two ends of the lifeboat are considered negligible.)

The areas A, B, C shall be deemed to be given in square feet (or square metres) by the successive application of the following formula to each of the three cross-sections—

$$\text{Area} = \frac{h}{12} (a + 4b + 2c + 4d + e)$$

h being the depth measured in feet (or in metres) inside the planking or plating from the keel to the level of the gunwale, or, in certain cases, to a lower level as determined hereafter.

a, b, c, d, e denote the horizontal breadths of the lifeboat measured in feet (or in metres) at the upper and lower points of the depth and at the three points obtained by dividing h into four equal parts (a and e being the breadths at the extreme point, and c at the middle point of h).

(c) If the sheer of the gunwale, measured at the two points situated at a quarter of the length of the lifeboat from the ends, exceeds 1 per cent of the length of the lifeboat the depth employed in calculating the area of the cross-sections A or C shall be deemed to be the depth amidships plus 1 per cent of the length of the lifeboat.

(d) If the depth of the lifeboat amidships exceeds 45 per cent of the breadth, the depth employed in calculating the area of the amidship cross-section B shall be deemed to be equal to 45 per cent of the breadth, and the depth employed in calculating the areas of the quarter-length sections A and C is obtained by increasing this last figure by an amount equal to 1 per cent of the length of the lifeboat, provided that in no case shall the depths employed in the calculation exceed the actual depths at these points.

(e) If the depth of the lifeboat is greater than 4 feet (or 122 centimetres) the number of persons given by the application of this Rule shall be reduced in proportion to the ratio of 4 feet (or 122 centimetres) to the actual depth, until the lifeboat has been satisfactorily tested afloat with that number of persons on board, all wearing lifejackets.

(f) The Administration shall impose, by suitable formulae, a limit for the number of persons allowed in lifeboats with very fine ends and in lifeboats very full in form.

(g) The Administration may assign to a lifeboat constructed of wooden planks capacity equal to the product of the length, the breadth and the depth multiplied by 0.6 if it is evident that this formula does not give a greater capacity than that obtained by the above method. The dimensions shall then be measured in the following manner:—

Length.—From the intersection of the outside of the planking with the stem to the corresponding point at the stern post or, in the case of a square-sterned boat, to the after side of the transom.

Breadth.—From the outside of the planking at the point where the breadth of the boat is greatest.

Holte—Midskeeps binnekant die beplanking vanaf die kiel tot by die dolboord, maar die holte wat gebruik word by die berekening van die kubieke inhoud mag in geen geval 45 persent van die breedte oorskry nie.

In alle gevalle het die skeepseienaar die reg om te eis dat die kubieke inhoud van die reddingsboot deur juiste meting vasgestel moet word.

(h) Die kubieke inhoud van 'n motorreddingsboot of 'n reddingsboot met 'n ander aandryfinrigting word van die bruto inhoud verkry deur aftrekking van 'n volume gelyk aan dié in beslag geneem deur die motor en sy toebehoere of die ratkas van die ander aandryfinrigting en indien hulle aan boord is, deur die radiotelegraafinstallasie en die soeklig met hul toebehoere.

REGULASIE 7

Draagvermoë van Reddingsbote

Die getal persone wat 'n reddingsboot toegelaat word om te bevat, is die grootste heel getal wat verkry word deur die inhoud in kubieke voer te deel—

in die geval van 'n reddings-boot met 'n lengte van 24 voet (of 7·3 meters) of meer	deur 10 (of wanneer die inhoud in kubieke meters gemeet word, deur 0·283);
in die geval van reddingsbote met 'n lengte van 16 voet (of 4·9 meters) .. .	deur 14 (of wanneer die inhoud in kubieke meters gemeet word, deur 0·396); en
in die geval van reddingsbote met 'n lengte van 16 voet (of 4·9 meters) of meer maar minder as 24 voet (of 7·3 meters) ..	deur 'n syfer tussen 14 en 10 (of wanneer die inhoud in kubieke meters gemeet word, deur 'n syfer tussen 0·396 en 0·283), wat deur interpolasie verkry moet word;

Met dien verstande dat die getal in geen geval groter mag wees as die getal volwasse persone met reddingsbuise aan wat in die boot kan sit sonder om in enige opsig die gebruik van roeipanse of die hantering van ander aandrywingsuitrusting te belemmer nie.

REGULASIE 8

Getal motorreddingsbote wat aan boord moet wees

(a) Op elke passasierskip moet daar aan elke kant van die skip minstens een motorreddingsboot wees wat aan die vereistes van regulasie 9 van hierdie hoofstuk voldoen.

Met dien verstande dat op passasierskepe waarop die totale getal persone wat die skip gesertifiseer is om te vervoer, plus die bemanning nie 30 te bove gaan nie, slegs een sodanige motorreddingsboot hoof vereis te word.

(b) Op elke vragskip van 1,600 ton bruto tonnemaat en meer, behalwe tenkskepe, skepe gebruik as walvisfabriekskepe, skepe gebruik as visverwerkings- of visinmaakfabriekskepe en skepe gebruik vir die vervoer van persone in die walvis-, visverwerkings- of visinmaaknywerhede, moet daar minstens een motorreddingsboot wees wat aan die vereistes van regulasie 9 van hierdie hoofstuk voldoen.

(c) Op elke tenkskip van 1,600 ton bruto tonnemaat en meer, elke skip gebruik as 'n walvisfabriekskip, elke

Depth.—Amidships inside the planking from the keel to the level of the gunwale, but the depth used in calculating the cubic capacity may not in any case exceed 45 per cent of the breadth.

In all cases the shipowner has the right to require that the cubic capacity of the lifeboat shall be determined by exact measurement.

(h) The cubic capacity of a motor lifeboat or a lifeboat fitted with other propelling gear shall be obtained from the gross capacity by deducting a volume equal to that occupied by the motor and its accessories or the gearbox of the other propelling gear, and, when carried, the radio-telegraph installation and searchlight with their accessories.

REGULATION 7

Carrying Capacity of Lifeboats

The number of persons which a lifeboat shall be permitted to accommodate shall be equal to the greatest whole number obtained by dividing the capacity in cubic feet by:—

In the case of a lifeboat of 24 feet (or 7.3 metres) in length or over

10 (or where the capacity is measured in cubic metres, 0.283);

in the case of lifeboats of 16 feet (or 4.9 metres) in length

14 (or where the capacity is measured in cubic metres, 0.396); and

in the case of lifeboats of 16 feet (or 4.9 metres) in length or over but under 24 feet (or 7.3 metres)

a number between 14 and 10 (or where the capacity is measured in cubic metres, between 0.396 and 0.283), to be obtained by interpolation;

provided that the number shall in no case exceed the number of adult persons wearing lifejackets which can be seated without in any way interfering with the use of oars or the operation of other propulsion equipment.

REGULATION 8

Number of Motor Lifeboats to be carried

(a) In every passenger ship there shall be carried on each side of the ship at least one motor lifeboat complying with the requirements of Regulation 9 of this Chapter.

Provided that in passenger ships in which the total number of persons which the ship is certified to carry, together with the crew, does not exceed 30, only one such motor lifeboat shall be required.

(b) In every cargo ship of 1,600 tons gross tonnage and upwards, except tankers, ships employed as whale factory ships, ships employed as fish processing or canning factory ships, and ships engaged in the carriage of persons in the whaling, fish processing or canning industries, there shall be carried at least one motor lifeboat complying with the requirements of Regulation 9 of this Chapter.

(c) In every tanker of 1,600 tons gross tonnage and upwards, in every ship employed as a whale factory ship, in

skip gebruik as 'n visverwerkings- of visinmaakfabriekskip en elke skip gebruik vir die vervoer van persone werkzaam in die walvis-, visverwerkings- of visinmaaknywerhede moet aan elke kant minstens een motorreddingsboot wees wat aan die vereistes van regulasie 9 van hierdie hoofstuk voldoen.

REGULASIE 9

Spesifikasie van motorreddingsbote

(a) 'n Motorreddingsboot moet aan die volgende voorwaardes voldoen:

- (i) Hy moet toegerus wees met 'n kompressieontstekingsenjin en in so 'n toestand gehou word dat hy te alle tye gereed is vir gebruik, hy moet in staat wees om in alle omstandighede maklik te vat en daar moet voldoende brandstof wees om hom 24 uur onafgebroke te laat werk teen die snelheid in subparagraaf (a) (iii) van hierdie regulasie gespesifiseer.
- (ii) Die enjin en sy toebehore moet op gesikte wyse omsluit wees ten einde te verseker dat hy onder ongunstige weersomstandighede sal werk, en die enjinks moet brandwerend wees. Voorsiening moet vir agteruitvaart gemaak word.
- (iii) Die snelheid vorentoe in kalm water wanneer die boot sy volle kwota persone en uitrusting aan boord het, moet as volg wees:
 - (1) In die geval van motorreddingsbote wat daar ooreenkomsdig regulasie 8 van hierdie hoofstuk moet wees op passasierskepe, tankskepe, skepe gebruik as walvisfabriekskepe, skepe gebruik as visverwerkings- of visinmaakfabriekskepe en skepe gebruik vir die vervoer van persone werkzaam in die walvis-, visverwerkings- of visinmaaknywerhede, minstens ses knope.
 - (2) In die geval van enige ander motorreddingsboot, minstens vier knope.
(g) Alle redningsboeie moet so geplaas word dat hulle geredelik vir die persone aan boord bereikbaar sal wees, en minstens twee van die redningsboeie wat ooreenkomsdig paraagraaf (e) van hierdie regulasie met selfontbrandende ligte toegerus is, moet ook met 'n doeltreffende selfaktiverende rooksinjal wat minstens 15 minute lank rook van 'n hoogs sigbare kleur kan voortbring toegerus wees en vinnig van die navigasiebrug gelos kan word.

on it in clear permanent characters. The name and port of registry of the ship to which the lifeboat belongs shall be painted on each side of the bow.

(b) Buoyant apparatus shall be marked with the number of persons in the same manner.

(c) The number of persons shall be marked in the same manner on inflatable liferafts and also on the valise or container in which the inflatable liferaft is contained. Every inflatable liferaft shall also bear a serial number and the manufacturer's name so that the owner of the liferaft can be ascertained.

(d) Every rigid liferaft shall be marked with the name and port of registry of the ship in which it is carried, and with the number of persons it is permitted to carry.

(e) No lifeboat, liferaft or buoyant apparatus shall be marked for a greater number of persons than that obtained in the manner specified in this Chapter.

REGULATION 21

Specification of a Lifebuoy

(a) A lifebuoy shall satisfy the following requirements—

- (i) it shall be of solid cork or any other equivalent material;
- (ii) it shall be capable of supporting in fresh water for 24 hours at least 32 lbs. (or 14.5 kilogrammes) of iron;
- (iii) it shall not be adversely affected by oil or oil products;
- (iv) it shall be of a highly visible colour;
- (v) it shall be marked in block letters with the name and port of registry of the ship in which it is carried.

(b) Lifebuoys filled with rushes, cork shavings or granulated cork, or any other loose granulated material, or whose buoyancy depends upon air compartments which require to be inflated, are prohibited.

(c) Lifebuoys made of plastic or other synthetic compounds shall be capable of retaining their buoyant properties and durability in contact with sea water or oil products, or under variations of temperature or climatic changes prevailing in open sea voyages.

(d) Lifebuoys shall be fitted with beackets securely seized. At least one lifebuoy on each side of the ship shall be fitted with a buoyant lifeline of at least 15 fathoms (or 27.5 metres) in length.

(e) In passenger ships not less than one-half of the total number of lifebuoys, and in no case less than six, and in cargo ships at least one-half of the total number of lifebuoys, shall be provided with efficient self-igniting lights.

(f) The self-igniting lights required by paragraph (e) of this Regulation shall be such that they cannot be extinguished by water. They shall be capable of burning for not less than 45 minutes and shall have a luminosity of not less than 3.5 lumens. They shall be kept near the lifebuoys to which they belong, with the necessary means of attachment. Self-igniting lights used in tankers shall be of an approved electric battery type.

(g) All lifebuoys shall be so placed as to be readily accessible to the persons on board, and at least two of the lifebuoys provided with self-igniting lights in accordance with paragraph (e) of this Regulation shall also be provided with an efficient self-activating smoke signal capable of producing smoke of a highly visible colour for at least 15 minutes, and shall be capable of quick release from the navigating bridge.

(h) Reddingsboei moet altyd vinnig gelos kan word en moet hoegenaamd nie blywend bevestig wees nie.

REGULASIE 22

Reddingsbuisse

(a) Skepe moet vir elke persoon aan boord 'n reddingsbuis van 'n goedgekeurde tipe hê, en, tensy hierdie reddingsbuisse vir gebruik deur kinders ingerig kan word, moet daar voldoende reddingsbuisse wees wat vir kinders geskik is.

(b) Benewens die reddingsbuisse wat by paragraaf (a) vereis word, moet daar op passasierskepe reddingsbuisse wees vir 5 persent van die totale getal persone aan boord. Hierdie reddingsbuisse moet op 'n opvallende plek op die dek bewaar word.

(c) 'n Reddingsbuis mag nie goedgekeur word nie tensy hy aan die volgende vereistes voldoen:—

- (i) Hy moet op behoorlik vakkundige wyse en van behoorlike materiaal vervaardig wees.
- (ii) Hy moet in staat wees om in varswater 16.5 pond (of 7.5 kilogram) yster 24 uur lank te dra.
- (iii) Hy moet so vervaardig wees dat alle gevaar dat hy verkeerd aangesit kan word, vir sover doenlik uitgeskakel word, maar dit moet moontlik wees om hom met sy binnekant na buite te dra.
- (iv) Hy moet ondersteuning vir die kop bied sodat die gesig van 'n bewusteloze persoon bo die water gehou word terwyl die liggaam skuins agtertoe leun.
- (v) Hy moet in staat wees om die liggaam, wanneer dié in die water beland, in 'n veilige drywende posisie te draai met die liggaam skuins agtertoe geleun.
- (vi) Hy moet nie deur olie of olieprodukte nadelig aangesas word nie.
- (vii) Hy moet 'n hoogs sigbare kleur hê.
- (viii) Hy moet toegerus wees met 'n goedgekeurde fluitjie wat deur middel van 'n koord stewig bevestig is.

(d) 'n Reddingsbuis waarvan die dryfvermoë afhanklik is van opblasing, kan toegelaat word vir gebruik deur die bemannings van alle skepe behalwe passasierskepe en tankskepe, op voorwaarde dat—

- (i) hy twee afsonderlike lugafdelings het wat gesamentlik 33 pond (of 15 kilogram) en elkeen afsonderlik 16.5 pond (of 7.5 kilogram) yster 24 uur lank in vars water kan dra;
- (ii) hy sowel meganies as met die mond opgeblaas kan word; en
- (iii) hy aan die vereistes van subparagraphe (i), (iii), (iv), (v), (vi), (vii) en (viii) van paragraaf (c) voldoen, selfs wanneer een lugafdeling nie opgeblaas is nie.

(e) Reddingsbuisse moet so geplaas word dat hulle redelik bereikbaar sal wees en hulle posisies moet duidelik aangedui word.

REGULASIE 23

Lynwerptoestelle

(a) Skepe moet 'n lynwerptoestel van 'n goedgekeurde tipe aan boord hê.

(b) Die toestel moet in staat wees om met redelike akkuraatheid 'n lyn minstens 250 tree (of 230 meters) ver tewerp en moet minstens vier projektlede en vier lyne insluit.

REGULASIE 24

Noodseine van Skepe

Skepe moet tot tevredenheid van die Administrasie toegerus wees met middels waardeur in die dag en in die nag doeltreffende noodseine gegee kan word, met inbegrip van minstens twaalf valskeermfakkels wat in staat is om op 'n groot hoogte 'n helder rooi lig te gee.

(h) Lifebuoys shall always be capable of being rapidly cast loose and shall not be permanently secured in any way.

REGULATION 22

Lifejackets

(a) Ships shall carry for every person on board a lifejacket of an approved type and, in addition, unless these lifejackets can be adapted for use by children, a sufficient number of lifejackets suitable for children.

(b) In addition to the lifejackets required by paragraph (a) there shall be carried on passenger ships lifejackets for 5 per cent of the total number of persons on board. These lifejackets shall be stowed in a conspicuous place on deck.

(c) A lifejacket shall not be approved unless it satisfies the following requirements:—

- (i) It shall be constructed with proper workmanship and materials.
- (ii) It shall be capable of supporting in fresh water for 24 hours 16.5 pounds (or 7.5 kilograms) of iron.
- (iii) It shall be so constructed as to eliminate so far as possible all risk of its being put on incorrectly, except that it shall be capable of being worn inside out.
- (iv) It shall provide support to the head so that the face of an unconscious person is held above the water with the body inclined backwards from its vertical position.
- (v) It shall be capable of turning the body, on entering the water, to a safe floating position with the body inclined backwards from its vertical position.
- (vi) It shall not be adversely affected by oil or oil products.
- (vii) It shall be of a highly visible colour.
- (viii) It shall be fitted with an approved whistle, firmly secured by a cord.

(d) A lifejacket, the buoyancy of which depends on inflation, may be permitted for use by the crews of all ships except passenger ships and tankers provided that:—

- (i) It has two separate air compartments, together capable of supporting in fresh water for 24 hours 33 pounds (or 15 kilograms) of iron, and each capable of so supporting 16.5 pounds (7.5 kilograms) of iron.
- (ii) It is capable of being inflated both mechanically and by mouth.
- (iii) It complies with the requirements of subparagraphs (i), (iii), (iv), (v), (vi), (vii) and (viii) of paragraph (c) even if one air compartment is not inflated.

(e) Lifejackets shall be so placed as to be readily accessible and their position shall be plainly indicated.

REGULATION 23

Line-throwing Appliances

(a) Ships shall carry a line-throwing appliance of an approved type.

(b) The appliance shall be capable of carrying a line not less than 250 yards (or 230 metres) with reasonable accuracy, and shall include not less than four projectiles and four lines.

REGULATION 24

Ships' Distress Signals

Ships shall be provided, to the satisfaction of the Administration, with means of making effective distress signals by day and by night, including at least twelve parachute signals capable of giving a bright red light at a high altitude.

REGULASIE 25

Monsterrol en noodprosedure

(a) Aan elke lid van die bemanning moet spesiale pligte toegewys word wat hy in 'n noodgeval moet onderneem.

(b) Al die spesiale pligte moet in die monsterrol aangedui word, asook veral die pos waarheen elke lid moet gaan en die pligte wat hy moet vervul.

(c) Voordat die skip vertrek moet die monsterrol opgestel word. Afskrifte moet in verskeie dele van die skip en veral in die bemanningskwartiere opgeplak word.

(d) Die monsterrol moet die pligte aantoon wat aan die verskillende lede van die bemanning toegewys is in verband met—

- (i) die toemaak van die waterdigte deure, kleppes en toemaakmeganismes van spuigate, assortkokers en branddeure;
- (ii) die uitrus van reddingsbote (met inbegrip van die draagbare radio-apparaat vir reddingsvaartuie) en die ander reddingstoestelle;
- (iii) die tewaterlating van die reddingsbote;
- (iv) die algemene gereedmaking van die ander reddings-toestelle;
- (v) die aantreding van passasiers; en
- (vi) die blus van brand.

(e) Die monsterrol moet die onderskeie pligte aantoon wat aan die lede van die hofmeestersafdeling ten aansien van die passasiers in die geval van nood toegewys is. Hierdie pligte omvat die volgende—

- (i) waarskuwing van die passasiers;
- (ii) toesien dat hulle paslik gekleed is en hul reddingsbuise reg aangetrek het;
- (iii) byeenbring van passasiers by aantreeposte;
- (iv) handhawing van orde in die gange en op die trappe en, in die algemeen, reëling van die bewegings van passasiers; en
- (v) versekerung dat 'n voorraad komberse na die reddingsbote geneem word.

(f) Die monsterrol moet bepaalde seine spesifiseer vir die oproep van al die bemanningslede na hul boot-, reddingsvlot- en brandweerposte en moet volledige besonderhede van hierdie seine verstrek. Hierdie seine moet gegee word met die fluitjie of sirene en moet, behalwe op passasierskepe op kort internasionale reise en op vrag-skepe van minder as 150 voet (of 45.7 meters) lank, aangevul word deur ander seine wat met elektrisiteit werk. Al hierdie seine moet vanaf die brug gegee kan word.

REGULASIE 26

Oefenaantredings en driloejeninge

(a) (i) Op passasierskepe moet aantredings van die bemanning vir boot- en brandweeroefeninge weekliks gehou word indien dit moontlik is, en so 'n aantreding moet gehou word wanneer 'n passasiersskip die laaste vertrek-hawe verlaat op 'n internasionale reis wat nie 'n kort internasionale reis is nie.

(ii) Op vrag-skepe moet 'n aantreding van die bemanning vir boot- en brandweeroefeninge by tussenpose van hoogstens 'n maand plaasvind; met dien verstande dat 'n aantreding van die bemanning vir boot- en brandweeroefeninge binne 24 uur na vertrek uit 'n hawe moet plaasvind indien meer as 25 persent van die bemanning in daardie hawe vervang is.

(iii) By geleenthed van die maandelikse aantreding op vrag-skepe moet die bote se uitrusting nagegaan word om te verseker dat dit volledig is.

(iv) Die datums waarop aantredings gehou word, moet aangeteken word in sodanige joernaal as wat die Administrasie mag voorskryf; en, indien daar in enige week

REGULATION 25

Muster List and Emergency Procedure

(a) Special duties to be undertaken in the event of an emergency shall be allotted to each member of the crew.

(b) The muster list shall show all the special duties and shall indicate, in particular, the station to which each member must go, and the duties that he has to perform.

(c) Before the vessel sails, the muster list shall be drawn up. Copies shall be posted in several parts of the ship, and in particular in the crew's quarters.

(d) The muster list shall show the duties assigned to the different members of the crew in connection with—

- (i) the closing of the watertight doors, valves and closing mechanisms of scuppers, ash-shoots, and fire doors;
- (ii) the equipping of the lifeboats (including the portable radio apparatus for survival craft) and the other life-saving appliances;
- (iii) the launching of the lifeboats;
- (iv) the general preparation of the other life-saving appliances;
- (v) the muster of the passengers; and
- (vi) the extinction of fire.

(e) The muster list shall show the several duties assigned to the members of the stewards' department in relation to the passengers in case of emergency. These duties shall include—

- (i) warning the passengers;
- (ii) seeing that they are suitably clad and have put on their lifejackets in a proper manner;
- (iii) assembling the passengers at muster stations;
- (iv) keeping order in the passages and on the stairways, and, generally, controlling the movements of the passengers; and
- (v) ensuring that a supply of blankets is taken to the lifeboats.

(f) The muster list shall specify definite signals for calling all the crew to their boat, liferaft and fire stations, and shall give full particulars of these signals. These signals shall be made on the whistle or siren and, except on passenger ships on short international voyages and on cargo ships of less than 150 feet (or 45.7 metres) in length, they shall be supplemented by other signals which shall be electrically operated. All these signals shall be operable from the bridge.

REGULATION 26

Practice Musters and Drills

(a) (i) In passenger ships, musters of the crew for boat drill and fire drill shall take place weekly when practicable and there shall be such a muster when a passenger ship leaves the final port of departure on an international voyage which is not a short international voyage.

(ii) In cargo ships, a muster of the crew for boat drill and fire drill shall take place at intervals of not more than one month, provided that a muster of the crew for boat drill and fire drill shall take place within 24 hours of leaving a port if more than 25 per cent of the crew have been replaced at that port.

(iii) On the occasion of the monthly muster in cargo ships the boats' equipment shall be examined to ensure that it is complete.

(iv) The date upon which musters are held shall be recorded in such log book as may be prescribed by the

(in die geval van passasierskepe) of maand (in die geval van vragskepe) geen aanstreding nie of slegs 'n gedeeltelike aanstreding gehou word, moet die omstandighede en die omvang van die aanstreding opgeteken word. 'n Verslag oor die ondersoek van die bote se uitrusting op vragskepe moet opgeteken word in die joernaal, wat ook die geleentheid moet aangee waarop die reddingsbote uitgeswaai en neergelaat is ooreenkomsdig die bepalings van paragraaf (c) van hierdie regulasie.

(b) Op passasierskepe, behalwe dié wat op kort internasionale reise gebruik word, moet 'n aanstreding van die passasiers gehou word binne vier-en-twintig uur nadat die skip die hawe verlaat het.

(c) Vir elke bootoefening moet 'n ander groep reddingsbote gebruik word en elke reddingsboot moet uitgeswaai en, indien doenlik en redelik, minstens een keer elke vier maande neergelaat word. Die aanstredings en inspeksies moet so gereël word dat die bemanning deeglik vertroud is met en geoefen is in die pligte wat hulle moet uitvoer, met inbegrip van opdragte betreffende die hantering en bediening van reddingsvlotte wanneer sulke vlotte aan boord is.

(d) Die noodsein om passasiers op te roep na aanstredoste, moet bestaan uit sewe of meer opeenvolgende kort stote gevvolg deur een lang stoot op die fluitjie of sirene. Hierdie sein moet op passasierskepe, behalwe dié wat op kort internasionale reise gebruik word, aangevul word deur ander seine wat met elektrisiteit werk en vanaf die brug dwarsdeur die skip gegee word. Die betekenis van alle seine rakende passasiers, tesame met noukeurige instruksies oor wat passasiers in 'n noodgeval moet doen, moet duidelik in gepaste tale aangegee word op kaarte wat in die kajuite van passasiers en op prominente plekke in ander passasierskwartiere aangebring moet word.

DEEL B—SLEGS PASSASIERSKEPE

REGULASIE 27

Reddingsbote, reddingsvlotte en drywende toestelle

(a) Passasierskepe moet twee bote aan davits hê en wel een aan elke kant van die skip vir gebruik in 'n noodgeval. Hierdie bote moet van 'n goedgekeurde tipe en hoogstens 28 voet (of 8½ meters) lank wees. Hulle kan vir die toepassing van paragrawe (b) en (c) van hierdie regulasie in berekening gebring word, mits hulle allesins voldoen aan die vereistes wat in hierdie hoofstuk vir reddingsbote gestel word, en vir die toepassing van regulasie 8 kan hulle in berekening gebring word mits hulle ook nog allesins voldoen aan die vereistes van regulasie 9 en, waar toepaslik, regulasie 14. Hulle moet gereed gehou word vir onmiddellike gebruik terwyl die skip op see is. Op skepe waarop daar aan die vereistes van paragraaf (h) van regulasie 29 voldoen word deur middel van toestelle wat aan die sye van reddingsbote aangebring is, hoef sulke toestelle nie aangebring te word aan die twee bote wat voorsien word om aan die vereistes van hierdie regulasie te voldoen nie.

(b) Passasierskepe wat gebruik word op internasionale reise wat nie kort internasionale reise is nie, moet die volgende aan boord hê:—

(i) Aan elke kant reddingsbote met so 'n totale inhoud dat hulle die helfte van die totale getal persone aan boord van die skip kan huisves.

Administration; and, if in any week (for passenger ships) or month (for cargo ships) no muster or a part muster only is held, an entry shall be made stating the circumstances and extent of the muster held. A report of the examination of the boats' equipment on cargo ships shall be entered in the log book, which shall also record the occasions on which the lifeboats are swung out and lowered in compliance with paragraph (c) of this Regulation.

(b) In passenger ships, except those engaged on short international voyages, a muster of the passengers shall be held within twenty-four hours after leaving port.

(c) Different groups of lifeboats shall be used in turn at successive boat drills and every lifeboat shall be swung out and, if practicable and reasonable, lowered at least once every four months. The musters and inspections shall be so arranged that the crew thoroughly understand and are practised in the duties they have to perform, including instructions in the handling and operation of liferafts where these are carried.

(d) The emergency signal for summoning passengers to muster stations shall be a succession of seven or more short blasts followed by one long blast on the whistle or siren. This shall be supplemented in passenger ships, except those engaged on short international voyages, by other signals, which shall be electrically operated, throughout the ship operable from the bridge. The meaning of all signals affecting passengers, with precise instructions on what they are to do in an emergency, shall be clearly stated in appropriate languages on cards posted in their cabins and in conspicuous places in other passenger quarters.

PART B.—PASSENGER SHIPS ONLY

REGULATION 27

Lifeboats, Liferafts and Buoyant Apparatus

(a) Passenger ships shall carry two boats attached to davits—one on each side of the ship—for use in an emergency. These boats shall be of an approved type and shall be not more than 28 feet (or 8½ metres) in length. They may be counted for the purposes of paragraphs (b) and (c) of this Regulation, provided that they comply fully with the requirements for lifeboats of this Chapter, and for the purposes of Regulation 8 provided that in addition they comply fully with the requirements of Regulation 9 and where appropriate Regulation 14. They shall be kept ready for immediate use while the ship is at sea. In ships in which the requirements of paragraph (h) of Regulation 29 are met by means of appliances fitted to the sides of the lifeboats, such appliances shall not be required to be fitted to the two boats provided to meet the requirements of this Regulation.

(b) Passenger ships engaged on international voyages which are not short international voyages shall carry—

(i) lifeboats on each side of such aggregate capacity as will accommodate half the total number of persons on board.

Met dien verstande dat die Administrasie kan toelaat dat reddingsbote deur reddingsvlotte met dieselfde totale inhoud vervang word op voorwaarde dat daar nooit minder reddingsbote aan elke kant van die skip mag wees as wat genoeg sal wees om $37\frac{1}{2}$ persent van die totale getal persone aan boord te huisves nie.

- (ii) Reddingsvlotte met 'n voldoende totale inhoud om 25 persent van die totale getal persone aan boord, tesame met drywende toestelle vir 3 persent van daardie getal, te huisves.

Met dien verstande dat skepe met 'n indelingsfaktor van 0.33 of kleiner toegelaat word om, in die plek van reddingsvlotte vir 25 persent van almal aan boord en drywende toestelle vir 3 persent van almal aan boord, drywende toestelle vir 25 persent van daardie getal aan boord te hê.

(c) (i) 'n Passasierskip wat op kort internasjonale reise gebruik word, moet ooreenkomsdig sy lengte toegerus word met stelle davits soos aangegee in kolom A van die tabel in regulasie 28 van hierdie hoofstuk. Aan elke stel davits moet daar 'n reddingsboot wees en hierdie reddingsbote moet minstens die minimum inhoud hê wat in kolom C van die tabel vereis word, of, indien kleiner, die inhoud wat nodig is om almal aan boord te huisves.

Met dien verstande dat, wanneer dit volgens die oordeel van die Administrasie prakties ondoenlik of onredelik is om die getal stelle davits wat by kolom A van die tabel in regulasie 28 vereis word, op 'n skip te plaas wat op kort internasjonale reise gebruik word, die Administrasie onder buitegewone omstandighede minder davits kan magtig onder voorbehoud dat hierdie getal nooit kleiner mag wees as die minimum getal wat by kolom B van die tabel vasgestel is nie, en dat die totale inhoud van die reddingsbote op die skip minstens gelyk sal wees aan die minimum inhoud wat by kolom C vereis word, of, indien kleiner, die inhoud wat nodig is om vir almal aan boord voorsiening te maak.

(ii) Indien die reddingsbote wat aldus verskaf word, nie voldoende is om almal aan boord te bevat nie, moet addisionele reddingsbote onder davits of reddingsvlotte verskaf word sodat die plaasruimte wat deur die reddingsbote en die reddingsvlotte op die skip verskaf word, voldoende vir almal aan boord sal wees.

(iii) Nieteenstaande die bepalings van subparagraaf (c) (ii) mag die getal persone wat vervoer word op 'n skip wat op kort internasjonale reise gebruik word, nie groter wees as die totale inhoud van die reddingsbote wat ooreenkomsdig subparagrafe (c) (i) en (c) (ii) van hierdie regulasie verskaf is nie, tensy die Administrasie meen dat dit deur die verkeersomvang genoodsaak word en selfs dan alleen indien die skip aan die bepalings van paragraaf (d) van regulasie 1 van hoofstuk II voldoen.

(iv) Wanner die Administrasie ooreenkomsdig subparagraaf (c) (iii) toegelaat het dat 'n groter getal persone vervoer word as dié waarvoor die reddingsbote plek het en daarvan oortuig is dat dit in daardie skip ondoenlik is om die reddingsvlotte op te berg wat hy ooreenkomsdig subparagraaf (c) (ii) aan boord het, kan hy 'n vermindering van die getal reddingsbote toelaat.

Met dien verstande dat—

- (1) die getal reddingsbote, in die geval van skepe met 'n lengte van 190 voet (of 58 meters) of meer, nooit minder as vier, naamlik twee aan elke kant van die skip, en in die geval van skepe met 'n lengte van minder as 190 voet (of 58 meters), nooit minder as twee, naamlik een aan elke kant van die skip, mag wees nie; en
- (2) die getal reddingsbote en reddingsvlotte altyd voldoende sal wees om die totale getal persone aan boord te bevat.

Provided that the Administration may permit the substitution of lifeboats by liferafts of the same total capacity so however that there shall never be less than sufficient lifeboats on each side of the ship to accommodate $37\frac{1}{2}$ per cent of all on board.

- (ii) Liferafts of sufficient aggregate capacity to accommodate 25 per cent of the total number of persons on board, together with buoyant apparatus for 3 per cent of that number.

Provided that ships which have a factor of subdivision of 0.33 or less shall be permitted to carry, in lieu of liferafts for 25 per cent of all on board and buoyant apparatus for 3 per cent of all on board, buoyant apparatus for 25 per cent of that number.

(c) (i) A passenger ship engaged on short international voyages shall be provided with sets of davits in accordance with its length as specified in Column A of the Table in Regulation 28 of this Chapter. Each set of davits shall have a lifeboat attached to it and these lifeboats shall provide at least the minimum capacity required by Column C of the Table or the capacity required to provide accommodation for all on board if this is less.

Provided that when in the opinion of the Administration it is impracticable or unreasonable to place on a ship engaged on short international voyages the number of sets of davits required by Column A of the Table in Regulation 28, the Administration may authorize, under exceptional conditions, a smaller number of davits, except that this number shall never be less than the minimum number fixed by Column B of the Table, and that the total capacity of the lifeboats on the ship will be at least equal to the minimum capacity required by Column C or the capacity required to provide for all persons on board if this is less.

(ii) If the lifeboats so provided are not sufficient to accommodate all on board, additional lifeboats under davits or liferafts shall be provided so that the accommodation provided in the lifeboats and the liferafts in the ship shall be sufficient for all on board.

(iii) Notwithstanding the provisions of sub-paragraph (c) (ii) in any ship engaged on short international voyages the number of persons carried shall not exceed the total capacity of the lifeboats provided in accordance with sub-paragraphs (c) (i) and (c) (ii) of this Regulation unless the Administration considers that this is necessitated by the volume of traffic and then only if the ship complies with the provisions of paragraph (d) of Regulation 1 of Chapter II.

(iv) Where under the provisions of sub-paragraph (c) (iii) the Administration has permitted the carriage of persons in excess of the lifeboat capacity and is satisfied that it is impracticable in that ship to stow the liferafts carried in accordance with sub-paragraph (c) (ii) it may permit a reduction in the number of lifeboats.

Provided that—

- (1) the number of lifeboats shall, in the case of ships of 190 feet (or 58 metres) in length and over, never be less than four, two of which shall be carried on each side of the ship, and in the case of ships of less than 190 feet (or 58 metres) in length, shall never be less than two, one of which shall be carried on each side of the ship; and
- (2) the number of lifeboats and liferafts shall always be sufficient to accommodate the total number of persons on board.

(v) Elke passasierskip wat op kort internasjonale reise gebruik word moet, benewens die reddingsbote en reddingsvlotte wat ooreenkomsdig die bepalings van hierdie paragraaf vereis word, ook nog voldoende reddingsvlotte dra om 10 persent van die totale getal persone te bevat vir wie daar plek is in die reddingsbote wat die skip aan boord het.

(vi) Elke passasierskip wat op kort internasjonale reise gebruik word, moet ook drywende toestelle dra vir minstens 5 persent van die totale getal persone aan boord.

(vii) Die Administrasie kan individuele skepe of klasse skepe met sertifikate vir kort internasjonale reise toelaat om reise van langer as 600 myl maar hoogstens 1,200 myl, te onderneem indien hulle voldoen aan die bepalings van paragraaf (d) van regulasie 1 van hoofstuk II, hulle reddingsbote dra wat voorsiening maak vir 75 persent van die persone aan boord en andersins aan die bepalings van hierdie paragraaf voldoen.

REGULASIE 28

Tabel betreffende davits en reddingsbootinhoud vir skepe op kort internasjonale reise

Onderstaande tabel verstrek na gelang van die lengte van die skip—

- (A) die minimum getal stelle davits, elkeen met 'n reddingsboot ooreenkomsdig regulasie 27 van hierdie hoofstuk aan hom bevestig, wat op 'n skip gebruik op kort internasjonale reise verskaf moet word;
- (B) die kleiner getal stelle davits wat by uitsondering ingevolge regulasie 27 gemagtig mag word vir 'n skip wat op kort internasjonale reise gebruik word; en
- (C) die minimum reddingsbootinhoud vereis vir 'n skip wat op kort internasjonale reise gebruik word.

(v) Every passenger ship engaged on short international voyages shall carry in addition to the lifeboats and liferafts required by the provisions of this paragraph, liferafts sufficient to accommodate 10 per cent of the total number of persons for whom there is accommodation in the life-boats carried in that ship.

(vi) Every passenger ship engaged on short international voyages shall also carry buoyant apparatus for at least 5 per cent of the total number of persons on board.

(vii) The Administration may permit individual ships or classes of ships with short international voyage certificates to proceed on voyages in excess of 600 miles but not exceeding 1,200 miles if such ships comply with the provisions of paragraph (d) of Regulation 1 of Chapter II, if they carry lifeboats which provide for 75 per cent of the persons on board and otherwise comply with the provisions of this paragraph.

REGULATION 28

Table relating to Davits and Lifeboat Capacity for Ships on Short International Voyages

The following table fixes according to the length of the ship—

- (A) the minimum number of sets of davits to be provided on a ship engaged on short international voyages to each of which must be attached a life-boat in accordance with Regulation 27 of this Chapter;
- (B) the smaller number of sets of davits which may be authorized exceptionally on a ship engaged on short international voyages under Regulation 27; and
- (C) the minimum lifeboat capacity required for a ship engaged on short international voyages.

Geregistreerde lengte van skip		(A) Minimum getal stelle davits	(B) Kleiner getal stelle davits by uitsondering gemagtig	(C) Minimum inhoud van reddingsbote	
Voet	Meters			Kubieke voet	Kubieke meters
100 en onder	120	31 en onder	37	2	400
120	" 140	37 "	43	2	650
140	" 160	43	49	2	900
160	" 175	49	53	3	1,150
175	" 190	53	58	3	1,350
190	" 205	58	63	4	1,550
205	" 220	63	67	4	1,750
220	" 230	67	70	5	1,850
230	" 245	70	75	5	2,150
245	" 255	75	78	6	2,400
255	" 270	78	82	6	2,700
270	" 285	82	87	7	3,000
285	" 300	87	91	7	3,300
300	" 315	91	96	8	3,600
315	" 330	96	101	8	3,900
330	" 350	101	107	9	4,300
350	" 370	107	113	9	4,750
370	" 390	113	119	10	5,150
390	" 410	119	125	10	5,550
410	" 435	125	133	12	6,050
435	" 460	133	140	12	6,550
460	" 490	140	149	14	7,150
490	" 520	149	159	14	7,800
520	" 550	159	168	16	8,400

Opmerking oor (C).—Wanneer die lengte van die skip kleiner as 100 voet (of 31 meters) of groter as 550 voet (of 168 meters) is, moet die minimum getal stelle davits en die kubieke inhoud van die reddingsbote deur die Administrasie voorgeskryf word.

Registered Length of Ship		(A) Minimum Number of Sets of Davits	(B) Smaller Number of Sets of Davits authorised exceptionally	(C) Minimum Capacity of Lifeboats	
Feet	Metres			Cubic Feet	Cubic Metres
100 and under	120	31 and under	37	2	400
"	140	37	43	2	650
"	160	43	49	2	900
"	175	49	53	3	1,150
"	190	53	58	3	1,350
"	205	58	63	4	1,550
"	220	63	67	4	1,750
"	230	67	70	5	1,850
"	245	70	75	5	2,150
"	255	75	78	6	2,400
"	270	78	82	6	2,700
"	285	82	87	7	3,000
"	300	87	91	7	3,300
"	315	91	96	8	3,600
"	330	96	101	8	3,900
"	350	101	107	9	4,300
"	370	107	113	9	4,750
"	390	113	119	10	5,150
"	410	119	125	10	5,550
"	435	125	133	12	6,050
"	460	133	140	12	6,550
"	490	140	149	14	7,150
"	520	149	159	14	7,800
"	550	159	168	16	8,400

Note on (C).—Where the length of the ship is under 100 feet (or 31 metres) or over 550 feet (or 168 metres) the minimum number of sets of davits and the cubic capacity of the lifeboats shall be prescribed by the Administration.

REGULASIE 29

Stuwing en hantering van reddingsbote, reddingsvlotte en drywende toestelle

(a) Reddingsbote en reddingsvlotte moet tot tevredenheid van die Administrasie op so 'n wyse gestu word dat—

- (i) hulle almal so vinnig moontlik en binne hoogstens 30 minute te water gelaat kan word;
- (ii) hulle op generlei wyse die vinnige hantering van enige van die ander reddingsbote, reddingsvlotte of drywende toestelle of die opstelling van persone aan boord by die tewaterlatingsposte of hul inskeping sal belemmer nie;
- (iii) die reddingsbote, en die reddingsvlotte waarvoor goedgekeurde tewaterlatingsstoestelle gedra moet word, met hul volle kwota persone en uitrusting aan boord in die water geplaas kan word selfs onder ongunstige toestande van stuur- of koplas en met 'n slagsy van 15 grade na die een of die ander kant; en
- (iv) die reddingsvlotte waarvoor goedgekeurde tewaterlatingsstoestelle nie gedra hoof te word nie, en die drywende toestelle in die water geplaas kan word, selfs in ongunstige toestande van stuur- of koplas en met 'n slagsy van 15 grade na die een of ander kant.

(b) Elke reddingsboot moet aan 'n afsonderlike stel davits bevestig word.

(c) Reddingsbote mag alleen op meer as een dek gestu word indien behoorlike maatreëls getref word om te verhoed dat reddingsbote op 'n laer dek onklaar gemaak word deur dié wat op 'n hoë dek gestu word.

(d) Reddingsbote, en reddingsvlotte waarvoor goedgekeurde tewaterlatingsstoestelle gedra moet word, mag nie in die boeg van die skip geplaas word nie. Hulle moet in sodanige posisies gestu word dat veilige tewaterlatting versek word, veral met inagneming van die vryruimte tussen hulle en die skroef en steil oorhangende dele van die romp agterskeeps.

REGULATION 29

Stowage and Handling of Lifeboats, Liferafts and Buoyant Apparatus

(a) Lifeboats and liferafts shall be stowed to the satisfaction of the Administration in such a way that—

- (i) they can all be launched in the shortest possible time and in not more than 30 minutes;
- (ii) they will not impede in any way the prompt handling of any of the other lifeboats, liferafts or buoyant apparatus or the marshalling of the persons on board at the launching stations, or their embarkation;
- (iii) the lifeboats, and the liferafts for which approved launching devices are required to be carried, shall be capable of being put into the water loaded with their full complement of persons and equipment even in unfavourable conditions of trim and of 15 degrees of list either way; and
- (iv) the liferafts for which approved launching devices are not required to be carried, and the buoyant apparatus, shall be capable of being put into the water even in unfavourable conditions of trim and of 15 degrees of list either way.

(b) Every lifeboat shall be attached to a separate set of davits.

(c) Lifeboats may only be stowed on more than one deck if proper measures are taken to prevent lifeboats on a lower deck being fouled by those stowed on a deck above.

(d) Lifeboats, and liferafts for which approved launching devices are required to be carried shall not be placed in the bow of the ship. They shall be stowed in such positions as to ensure safe launching having particular regard to clearance from the propeller and steeply overhanging portions of the hull aft.

(e) Davits moet van 'n goedgekeurde ontwerp wees en moet tot tevredenheid van die Administrasie in gesikte posisies aangebring word. Hulle moet op so 'n wyse op een of meer dekke versprei word dat die reddingsbote onder hulle veilig neergelaat kan word sonder om deur die werking van enige ander davits belemmer te word.

(f) Davits moet van die volgende tipes wees—

- (i) radiale of swaartekragdavits vir reddingsbote wat hoogstens $2\frac{1}{4}$ ton (of 2,300 kilogram) weeg wanneer hulle volledig uitgerus en beman is;
- (ii) swaartekragdavits vir reddingsbote wat meer as $2\frac{1}{4}$ ton (of 2,300 kilogram) weeg wanneer hulle volledig uitgerus en beman is.

(g) Davits, lopers, blokke en alle ander tuig moet so sterk wees dat die reddingsbote met 'n tewaterlatingsbemanning aan boord uitgeswaai en dan met die volle kwota persone en uitrusting aan boord veilig neergelaat kan word terwyl die skip 'n slagsy van 15 grade na die een of ander kant en 'n stuur- of koplas van 10 grade het.

(h) Skaatse of ander gesikte middels moet verskaf word om met 'n slagsy van 15 grade die tewaterlating van die reddingsbote te vergemaklik.

(i) Middels moet verskaf word om die reddingsbote teen die kant van die skip te bring en hulle daar te hou sodat persone veilig ingeskeep kan word.

(j) Reddingsbote, asook die noodbote wat by regulasie 27 van hierdie hoofstuk vereis word, moet bedien word deur draadkabellopers tesame met windasse van 'n goedgekeurde tipe wat, in die geval van noodbote, daardie bote vinnig kan ophaal. By wyse van uitsondering kan die Administrasie manillatouopers of lopers van ander goedgekeurde materiaal met of sonder windasse toelaat (noodbote moet egter windasse hê wat in staat is om daardie bote vinnig op te haal) wanneer hy daarvan oortuig is dat manillatouopers of lopers van ander goedgekeurde materiaal toereikend is.

(k) Minstens twee reddingslyne moet aan die middelleiers tussen die davits aangebring word en die lopers en reddingslyne moet lank genoeg wees om die water te bereik wanneer die skip se seevarende diepgang op sy vlakste is en die skip 'n slagsy van 15 grade na die een of ander kant het. Die onderste loperblokke moet toegerus wees met 'n gesikte ring of lang skakel om aan die slingerhake gehaak te word, tensy daar 'n ontkoppelingsinrigting van 'n goedgekeurde tipe aangebring is.

(l) Wanneer mekaniese toestelle vir die ophaal van die reddingsbote aangebring word, moet doeltreffende handinrigtings ook verskaf word. Wanneer davits ingehaal word deur die kragbediening van die lopers, moet ter voorkoming van oorspanning van die draadkabellopers of davits veiligheidstoestelle aangebring word wat die krag outomatis sal afsluit voordat die davits teen die stuuters kom.

(m) Die lopers vir reddingsbote wat aan davits bevestig is, moet gereed wees vir gebruik en reëlings moet getref word om die reddingsbote vinnig, maar nie noodwendig gelykydig nie, van die lopers los te maak. Die punt waar die reddingsbote aan die lopers bevestig is, moet so hoog bokant die dolboord wees dat stabiliteit verseker word wanneer die reddingsbote neergelaat word.

(n) (i) Op passasierskepe wat op ander internasjonale reise as kort internasjonale reise gebruik word en wat reddingsbote en reddingsvlotte ooreenkomsdig subparaagraaf (b) (i) van regulasie 27 van hierdie hoofstuk dra, moet daar goedgekeurde tewaterlatingstoestelle verskaf word wat na die oordeel van die Administrasie voldoende in getal is om die reddingsvlotte wat, tesame met die reddingsbote, ooreenkomsdig genoemde subparaagraaf vereis word om vir almal aan boord plek te bied, in kalm toestande in hoogstens dertig minute in die water te plaas

(e) Davits shall be of approved design and shall be suitably placed to the satisfaction of the Administration. They shall be so disposed on one or more decks that the lifeboats placed under them can be safely lowered without interference from the operation of any other davits.

(f) Davits shall be as follows—

- (i) luffing or gravity type for operating lifeboats weighing not more than $2\frac{1}{4}$ tons (or 2,300 kilogrammes) in their turning out condition;
- (ii) gravity type for operating lifeboats weighing more than $2\frac{1}{4}$ tons (or 2,300 kilogrammes) in their turning out condition.

(g) Davits, falls, blocks and all other gear shall be of such strength that the lifeboats can be turned out manned by a launching crew and then safely lowered with the full complement of persons and equipment, with the ship listed to 15 degrees either way and with a 10 degrees trim.

(h) Skates or other suitable means shall be provided to facilitate launching the lifeboats against a list of 15 degrees.

(i) Means shall be provided for bringing the lifeboats against the ship's side and there holding them so that persons may be safely embarked.

(j) Lifeboats, together with the emergency boats required by Regulation 27 of this Chapter, shall be served by wire rope falls, together with winches of an approved type which, in the case of the emergency boats, shall be capable of quick recovery of those boats. Exceptionally, the Administration may allow manila rope falls or falls of another approved material with or without winches (except that the emergency boats shall be required to be served by winches which are capable of quick recovery of those boats) where they are satisfied that manila rope falls or falls of another approved material are adequate.

(k) At least two lifelines shall be fitted to the davit span, and the falls and lifelines shall be long enough to reach the water with the ship at its lightest sea-going draught and listed to 15 degrees either way. Lower fall blocks shall be fitted with a suitable ring or long link for attaching to the sling hooks unless an approved type of disengaging gear is fitted.

(l) Where mechanically-powered appliances are fitted for the recovery of the lifeboats, efficient hand gear shall also be provided. Where davits are recovered by action of the falls by power, safety devices shall be fitted which will automatically cut off the power before the davits come against the stops in order to avoid overstressing the wire rope falls or davits.

(m) Lifeboats attached to davits shall have the falls ready for service and arrangements shall be made for speedily, but not necessarily simultaneously, detaching the lifeboats from the falls. The point of attachment of the lifeboats to the falls shall be at such height above the gunwale as to ensure stability when lowering the lifeboats.

(n) (i) In passenger ships engaged on international voyages which are not short international voyages in which there are carried lifeboats and liferafts in accordance with sub-paragraph (b) (i) of Regulation 27 of this Chapter, there shall be provided approved launching devices sufficient in number in the opinion of the Administration to enable that number of liferafts which, together with the lifeboats, is required in accordance with that sub-paragraph to provide accommodation for all on board, to be put into the water loaded with the number of persons they are permitted to accommodate, in not more than thirty minutes

wanneer hulle die getal persone aan boord het wat hulle toegelaat is om te bevatten. Goedgekeurde tewaterlatingstoestelle wat aldus verskaf word, moet vir sover doenlik gelykop onder die twee kante van die skip verdeel word en daar mag nooit minder as een sodanige toestel aan elke kant wees nie. Sodanige toestelle hoef egter nie verskaf te word vir die addisionele reddingsvlotte wat ooreenkomsdig subparagraaf (b) (ii) van regulasie 27 van hierdie hoofstuk vir 25 persent van almal aan boord gedra moet word nie, maar elke reddingsvlot wat ooreenkomsdig daardie subparagraaf gedra word, moet, wanneer 'n goedgekeurde tewaterlatingstoestel op die skip verskaf is, van 'n tipe wees wat met so 'n toestel te water gelaat kan word.

(ii) Op passasierskepe wat op kort internasionale reise gebruik word, word die getal goedgekeurde tewaterlatingstoestelle wat verskaf moet word, aan die goeddunke van die Administrasie oorgelaat. Die getal reddingsvlotte toegedeel aan elke sodanige toestel wat aan boord gedra word, mag nie groter wees as die getal wat na die mening van die Administrasie deur so 'n toestel in kalm toestande in hoogstens 30 minute in die water geplaas kan word wanneer hulle die volle getal persone aan boord het wat hulle toegelaat is om te dra nie.

REGULASIE 30

Verligting van dekke, reddingsbote, reddingsvlotte, ens.

(a) Voorsiening moet gemaak word vir 'n elektriese of gelykwaardige verligtingsnet voldoende vir alle veiligheidsvereistes in die verskillende dele van 'n passasiersskip en veral vir dekke waarop reddingsbote en reddingsvlotte opgeberg word. Die selfstandige elektriese noodkragbron wat by regulasie 25 van hoofstuk II vereis word, moet hierdie verligtingsnet waar nodig van krag kan voorsien en moet ook die verligting kan verskaf wat by subparagrawe (a) (ii), (b) (ii) en (b) (iii) van regulasie 19 van hierdie hoofstuk vereis word.

(b) Die uitgang uit elke hoofafdeling wat deur passasiers of bemanning geokkupeer word, moet voortdurend deur middel van 'n nooddlamp verlig word. Die kragtoevoer vir hierdie nooddlampe moet so ingerig wees dat, indien die hoofopwekinstallasie buite werking raak, sodanige nooddlampe hul krag sal verkry uit die noodkragbron waarvan in paragraaf (a) van hierdie regulasie melding gemaak word.

REGULASIE 31

Bemanning van reddingsbote en reddingsvlotte

(a) 'n Dekoffisier of 'n gediplomeerde reddingsbootman moet in bevel van elke reddingsboot geplaas word en daar moet ook 'n tweede-in-bevel aangewys word. Die persoon in bevel moet 'n lys van die reddingsbootbemanning hê en moet toesien dat die persone onder sy bevel met hul onderskeie pligte vertroud is.

(b) Aan elke motorreddingsboot moet 'n man toegewys word wat in staat is om die motor te bedien.

(c) 'n Man wat in staat is om die radio- en soeklik-installasies te bedien, moet toegewys word aan elke reddingsboot wat hierdie uitrusting aan boord het.

(d) 'n Man wat geoefen is in die hantering en bediening van reddingsvlotte moet vir elke reddingsvlot aan boord toegewys word, behalwe wanneer die Administrasie in die geval van skepe wat gebruik word op kort internasionale reise, daarvan oortuig is dat dit nie doenlik is nie.

REGULASIE 32

Gediplomeerde reddingsbootmanne

(a) Op passasierskepe moet daar vir elke reddingsboot wat ter voldoening aan die bepalings van hierdie hoofstuk aan boord is, 'n getal reddingsbootmanne wees wat minstens gelyk is aan dié wat in die onderstaande tabel aangegee word:—

in calm conditions. Approved launching devices so provided shall, so far as practicable, be distributed equally on each side of the ship and there shall never be less than one such device on each side. No such devices need, however, be provided for the additional liferafts required to be carried by sub-paragraph (b) (ii) of Regulation 27 of this Chapter for 25 per cent of all on board, but every liferaft carried in accordance with that sub-paragraph shall, where an approved launching device is provided in the ship, be of a type which is capable of being launched from such a device.

(ii) In passenger ships engaged on short international voyages, the number of approved launching devices to be provided shall be at the discretion of the Administration. The number of liferafts allocated to each such device carried shall not be more than the number which, in the opinion of the Administration, can be put into the water fully loaded with the number of persons they are permitted to carry by that device in not more than 30 minutes in calm conditions.

REGULATION 30

Lighting for Decks, Lifeboats, Liferafts, &c.

(a) Provision shall be made for an electric or equivalent system of lighting sufficient for all the requirements of safety in the different parts of a passenger ship, and particularly for decks on which the lifeboats and liferafts are stowed. The self-contained emergency source of electrical power required by Regulation 25 of Chapter II shall be capable of supplying where necessary this lighting system and also the lighting required by sub-paragraphs (a) (ii), (b) (ii) and (b) (iii) of Regulation 19 of this Chapter.

- (v) To arrange for the reception and transmission by coast radio stations of weather messages from and to ships. Ships which are unable to communicate direct with shore shall be encouraged to relay their weather messages through ocean weather ships or through other ships which are in contact with shore.
- (vi) To encourage all masters to inform ships in the vicinity and also shore stations whenever they experience a wind speed of 50 knots or more (force 10 on the Beaufort scale).
- (vii) To endeavour to obtain a uniform procedure in regard to the international meteorological services already specified, and, as far as is practicable, to conform to the Technical Regulations and recommendations made by the World Meteorological Organization, to which the Contracting Governments may refer for study and advice any meteorological question which may arise in carrying out the present Convention.

(c) The information provided for in this Regulation shall be furnished in form for transmission and transmitted in the order of priority prescribed by the Radio Regulations, and during transmission "to all stations" of meteorological information, forecasts and warnings, all ship stations must conform to the provisions of the Radio Regulations.

(d) Forecasts, warnings, synoptic and other meteorological reports intended for ships shall be issued and disseminated by the national service in the best position to serve various zones and areas, in accordance with mutual arrangements made by the Contracting Governments concerned.

REGULASIE 5

Yswagdiens

(a) Die Kontrakterende Regerings verbind hulle om 'n Yswagdiens en 'n diens vir die bestudering en waarneming van ystoestande in die Noord-Atlantiese Oseaan voort te sit. Gedurende die hele ysseisoen moet die suid-oostelike, suidelike en suidwestelike grense van die gebiede waar ysberge in die nabijheid van die Groot Banke van Newfoundland voorkom, bewaak word met die doel om verbyvarende skepe van die omvang van hierdie gevarelike gebied in kennis te stel, om ystoestande in die algemeen te bestudeer, en om hulp te verleen aan skepe en bemannings wat binne die grense van die bedryfsgebied van die patrollieskepe hulp nodig het. Gedurende die res van die jaar moet die bestudering en waarneming van ystoestande volgehoud word vir sover dit gerade is.

(b) Skepe en vliegtuie wat vir die yswagdiens en die bestudering en waarneming van ystoestande gebruik word, kan deur die beherende Regering met ander werksaamhede belas word, mits hierdie ander werksaamhede nie hul hoofdoel belemmer of die koste van hierdie diens verhoog nie.

REGULASIE 6

Yswagdiens. Beheer en koste

(a) Die Regering van die Verenigde State van Amerika willig in om voort te gaan met die beheer van die yswagdiens en die bestudering en waarneming van ystoestande, met inbegrip van die verspreiding van inligting wat daaruit verkry word. Die Kontrakterende Regerings wat in die besonder by hierdie dienste belang het, verbind hulle om by te dra tot die koste van die instandhouding en verskaffing van hierdie dienste; elke bydrae moet gebaseer word op die totale bruto tonnemaat van die skepe van elke bydraende Regering wat deur die ysberggebiede vaar wat deur die yswagdiens bewaak word. In die besonder verbind elke Kontrakterende Regering met spesiale belang hierby om jaarliks tot die koste van die instandhouding en verskaffing van hierdie dienste 'n bedrag by te dra wat bepaal word deur die verhouding van die totale bruto tonnemaat van daardie Kontrakterende Regering se skepe wat gedurende die ysseisoen deur die ysberggebiede vaar wat deur die yswagdiens bewaak word, tot die gesamentlike totale bruto tonnemaat van die skepe van al die bydraende Regerings wat gedurende die ysseisoen deur die ysberggebiede vaar en wat deur die yswagdiens bewaak word. Nie-kontrakterende Regerings wat in die besonder belang by hierdie dienste het, kan op dieselfde grondslag tot die koste van die instandhouding en verskaffing van hierdie dienste bydra. Die beherende Regering sal jaarliks aan elke bydraende Regering 'n opgawe verstrek van die totale koste van die instandhouding en verskaffing van die yswagdiens en van die proporsionele aandeel van elke bydraende Regering.

(b) Elkeen van die bydraende Regerings het die reg om sy bydrae te verander of te staak, en ander belanghebbende Regerings kan hulle verbind om tot die koste by te dra. Die bydraende Regering wat van hierdie reg gebruik maak, bly aanspreeklik vir sy lopende bydrae tot op 1 September na die datum waarop hy kennis gee van sy voorname om sy bydrae te verander of te staak. Ten einde van die genoemde reg gebruik te kan maak, moet hy die beherende Regering minstens ses maande voor genoemde 1 September daarvan kennis gee.

(c) Indien die Regering van die Verenigde State te eniger tyd hierdie dienste wil staak, of indien een van die bydraende Regerings die wens uitspreek om aanspreeklikheid vir sy geldelike bydrae te laat vaar of om sy bydrae te laat verander, of indien 'n ander Kontrakterende Regering verlang om hom te bind om tot die koste by te dra, moet die bydraende Regerings die aangeleentheid ooreenkomsdig hul onderlinge belang reël.

REGULATION 5

Ice Patrol Service

(a) The Contracting Governments undertake to continue an ice patrol and a service for study and observation of ice conditions in the North Atlantic. During the whole of the ice season the south-eastern, southern and south-western limits of the regions of icebergs in the vicinity of the Grand Banks of Newfoundland shall be guarded for the purpose of informing passing ships of the extent of this dangerous region; for the study of ice conditions in general; and for the purpose of affording assistance to ships and crews requiring aid within the limits of operation of the patrol ships. During the rest of the year the study and observation of ice conditions shall be maintained as advisable.

(b) Ships and aircraft used for the ice patrol service and the study and observation of ice conditions may be assigned other duties by the managing Government, provided that such other duties do not interfere with their primary purpose or increase the cost of this service.

REGULATION 6

Ice Patrol. Management and Cost

(a) The Government of the United States of America agrees to continue the management of the ice patrol service and the study and observation of ice conditions, including the dissemination of information received therefrom. The Contracting Governments specially interested in these services undertake to contribute to the expense of maintaining and operating these services; each contribution to be based upon the total gross tonnage of the vessels of each contributing Government passing through the region of icebergs guarded by the Ice Patrol; in particular, each Contracting Government specially interested undertakes to contribute annually to the expense of maintaining and operating these services a sum determined by the ratio which the total gross tonnage of that Contracting Government's vessels passing during the ice season through the regions of icebergs guarded by the Ice Patrol bears to the combined total gross tonnage of the vessels of all contributing Governments passing during the ice season through the regions of icebergs guarded by the Ice Patrol. Non-contracting Governments specially interested may contribute to the expense of maintaining and operating these services on the same basis. The managing Government will furnish annually to each contributing Government a statement of the total cost of maintaining and operating the Ice Patrol and of the proportionate share of each contributing Government.

(b) Each of the contributing Governments has the right to alter or discontinue its contribution, and other interested Governments may undertake to contribute to the expense. The contributing Government which avails itself of this right will continue responsible for its current contribution up to the 1 September following the date giving notice of intention to alter or discontinue its contribution. To take advantage of the said right it must give notice to the managing Government at least six months before the said 1 September.

(c) If, at any time, the United States Government should desire to discontinue these services, or if one of the contributing Governments should express a wish to relinquish responsibility for its pecuniary contribution, or to have its contribution altered, or another Contracting Government should desire to undertake to contribute to the expense, the contributing Governments shall settle the question in accordance with their mutual interests.

(d) Die bydraende Regerings het die reg om die bepallings van hierdie regulasie en van regulasie 5 van hierdie hoofstuk van tyd tot tyd by onderlinge instemming te wysig na gelang wenslik lyk.

(e) Waar hierdie regulasie bepaal dat 'n maatreël getref kan word na 'n ooreenkoms onder die bydraende Regerings, moet 'n Kontrakterende Regering se voorstelle oor die tref van so 'n maatreël meegedeel word aan die beherende Regering, wat die ander bydraende Regerings moet nader met die doel om vas te stel of hulle sulke voorstelle aanneem, en die uitslae van die navrae wat aldus gedoen is, moet gestuur word aan die ander bydraende Regerings en aan die Kontrakterende Regering wat die voorstelle ingedien het. In die besonder moet die reëlings betreffende bydraes tot die koste van die dienste by tussenpose van hoogstens drie jaar deur die bydraende Regerings hersien word. Die beherende Regering moet die nodige stappe vir hierdie doel aanvoer.

REGULASIE 7

Snelheid in die nabijheid van ys

Wanneer die gesagvoerder van 'n skip berig ontvang van die aanwesigheid van ys op of in die nabijheid van die koers van sy skip, moet hy in die nag met 'n matige snelheid daar of sy koers sodanig verander dat hy die gevaregebied deeglik kan vermy.

REGULASIE 8

Noord-Atlantiese roetes

(a) Die gebruik om in albei rigtings oor die Noord-Atlantiese Oseaan erkende roetes te volg en, in die besonder, roetes in konvergerende gebiede aan weerskante van die Noord-Atlantiese Oseaan, het daartoe bygedra dat botsings tussen skepe en teen ysberge vermy word en behoort by alle betrokke skepe aanbeveel te word.

(b) Die keuse van die roetes en die aanvoering van stappe in verband daarmee, en die afbakening van wat konvergerende gebiede uitmaak, word oorgelaat aan die betrokke skeepvaartmaatskappye. Die Kontrakterende Regerings sal die maatskappye op versoek hulp verleen deur alle inligting wat op die roetes betrekking het en in besit van die Regerings is, tot beskikking van die maatskappye te stel.

(c) Die Kontrakterende Regerings verbind hulle om aan die maatskappye die verpligting op te lê om die gereelde roetes wat hulle hul skepe wil laat volg asook alle wysings in hierdie roetes, te publiseer. Hulle sal voorts hul invloed gebruik om die eienaars van alle passasier-skepe wat die Atlantiese Oseaan oorsteek, te beweeg om die erkende roetes te volg, en sal alles in hul vermoë doen om te verseker dat alle skepe hulle in die konvergerende gebiede aan sodanige roetes hou vir sover dit moontlik is. Hulle sal ook die eienaars van alle skepe wat die Atlantiese Oseaan op weg na of van hawens van die Verenigde State of Kanada via die omgewing van die Groot Banke van Newfoundland oorsteek, beweeg om vir sover doenlik die visgronde van Newfoundland noord van 43° noorderbreedte gedurende die visvangseisoen te vermy, en om om gebiede te vaar wat na hul wete of vermoede as gevolg van ys gevaelik is.

(d) Die Regering wat die yswagdiens beheer, word versoen om die betrokke Administrasie in kennis te stel van enige passasier-skip wat elders as op 'n gereelde, erkende of aangekondigde roete opgemerk word, en van enige skip wat die bogenoemde visgronde gedurende die visvangseisoen oorsteek, of wat op weg na of van hawens van die Verenigde State of Kanada deur gebiede vaar in verband waarmee bekend is of die vermoede bestaan dat hulle as gevolg van ys gevaelik is.

(d) The contributing Governments shall have the right by common consent to make from time to time such alterations in the provisions of this Regulation and of Regulation 5 of this Chapter as appear desirable.

(e) Where this Regulation provides that a measure may be taken after agreement among the contributing Governments, proposals made by any Contracting Government for effecting such a measure shall be communicated to the managing Government which shall approach the other contributing Governments with a view to ascertaining whether they accept such proposals, and the results of the enquiries thus made shall be sent to the other contributing Governments and the Contracting Government making the proposals. In particular, the arrangements relating to contributions to the cost of the services shall be reviewed by the contributing Governments at intervals not exceeding three years. The managing Government shall initiate the action necessary to this end.

REGULATION 7

Speed Near Ice

When ice is reported on or near his course the master of every ship at night is bound to proceed at a moderate speed or to alter his course so as to go well clear of the danger zone.

REGULATION 8

North Atlantic Routes

(a) The practice of following recognised routes across the North Atlantic in both directions and, in particular, routes in converging areas of both sides of the North Atlantic, has contributed to the avoidance of collisions between ships and with icebergs, and should be recommended to all ships concerned.

(b) The selection of the routes and the initiation of action with regard to them, and the delineation of what constitutes converging areas, is left to the responsibility of the shipping companies concerned. The Contracting Governments will assist the companies, when requested to do so, by placing at their disposal any information bearing on the routes which may be in the possession of the Governments.

(c) The Contracting Governments undertake to impose on the companies the obligations to give public notice of the regular routes which they propose their ships should follow, and of any changes made in these routes. They will also use their influence to induce the owners of all passenger ships crossing the Atlantic to follow the recognised routes, and will do everything in their power to ensure adherence to such routes in the converging areas by all ships, so far as circumstances will permit. They will also induce the owners of all ships crossing the Atlantic bound to or from ports of the United States or Canada via the vicinity of the Grand Banks of Newfoundland to avoid, as far as practicable, the fishing banks of Newfoundland north of latitude 43° N. during the fishing season, and to pass outside regions known or believed to be endangered by ice.

(d) The Government managing the ice patrol service is requested to report to the Administration concerned any passenger ship which is observed not to be on any regular, recognised or advertised route and any ship which crosses the above mentioned fishing banks during the fishing season, or which when proceeding to or from ports of the United States or Canada passes through regions known or believed to be endangered by ice.

REGULASIE 9

Misbruik van noodseine

Die gebruik van 'n internasionale noodsein met 'n ander doel as om aan te dui dat 'n skip of vliegtuig in nood verkeer, en die gebruik van 'n sein wat met 'n internasionale noodsein verwarr kan word, word op elke skip of vliegtuig verbied.

REGULASIE 10

Noodberigte—Verpligtings en prosedure

(a) Die gesagvoerder van 'n skip op see wat uit enige bron 'n sein ontvang dat 'n skip of vliegtuig of 'n redningsvaartuig daarvan in nood verkeer, is verplig om die persone wat in nood verkeer, in aller yl te hulp te snel en moet hulle, indien moontlik, die wete gee dat hy dit doen. Indien hy nie in staat is nie of in die besondere omstandighede van die geval dit onredelik of onnodig ag om hulle te gaan help, moet hy in die joernaal die rede aangee waarom hy die persone wat in nood verkeer, nie gaan help het nie.

(b) Die gesagvoerder van 'n skip wat in nood verkeer, het die reg om, nadat hy vir sover moontlik oorleg gepleeg het met die gesagvoerders van die skepe wat op sy versoek om hulp geantwoord het, daardie een of meer van hierdie skepe wat na sy mening die beste daartoe in staat is om hulp te verleen, te kommandeer en die gesagvoerder of gesagvoerders van die gekommanderde skip of skepe is verplig om aan die kommandering gehoor te gee deur sy of hulle vaart in aller yl voort te sit om die persone wat in nood verkeer, te hulp te kom.

(c) Die gesagvoerder van 'n skip word onthef van die verpligting wat hom by paragraaf (a) van hierdie regulasie opgelê word, wanneer hy verneem dat een of meer ander skepe as sy eie skip gekommandeer is en die kommandering gehoorsaam.

(d) Indien hy van die persone wat in nood verkeer of van die gesagvoerder van 'n ander skip wat sodanige persone bereik het, berig ontvang dat hulp nie meer nodig is nie, onthef dit die gesagvoerder van 'n skip van die verpligting opgelê by paragraaf (a) van hierdie regulasie en, indien sy skip gekommandeer is, van die verpligting opgelê by paragraaf (b) van hierdie regulasie.

(e) Die bepalings van hierdie regulasie maak geen inbreuk op die Internasionale Konvensie vir die unifikasie van sekere reëls betreffende Hulp en Berging op See wat op 23 September 1910 te Brussel geteken is nie, veral nie wat betref die verpligting ingevolge Artikel 11 van daardie Konvensie om hulp te verleen nie.

REGULASIE 11

Seinlampe

Alle skepe van meer as 150 ton bruto tonnemaat moet, wanneer hulle op internasionale reise gebruik word, 'n doeltreffende dagseinlamp aan boord hê, wat nie uitsluitlik van die skip se hoofelektrisiteitsbron afhanklik is nie.

REGULASIE 12

Radiorigtingbepalingsapparaat

(a) Alle skepe van 1,600 ton bruto tonnemaat en meer moet, wanneer hulle op internasionale reise gebruik word, toegerus wees met 'n radiorigtingbepalingsapparaat wat voldoen aan die bepalings van regulasie 11 van hoofstuk IV.

REGULATION 9

Misuse of Distress Signals

The use of an international distress signal, except for the purpose of indicating that a ship or aircraft is in distress, and the use of any signal which may be confused with an international distress signal, are prohibited on every ship or aircraft.

REGULATION 10

Distress Messages—Obligations and Procedures

(a) The master of a ship at sea, on receiving a signal from any source that a ship or aircraft or survival craft thereof is in distress, is bound to proceed with all speed to the assistance of the persons in distress informing them if possible that he is doing so. If he is unable or, in the special circumstances of the case, considers it unreasonable or unnecessary to proceed to their assistance, he must enter in the logbook the reason for failing to proceed to the assistance of the persons in distress.

(b) The master of a ship in distress, after consultation, so far as may be possible, with the masters of the ships which answer his call for assistance, has the right to requisition such one or more of those ships as he considers best able to render assistance, and it shall be the duty of the master or masters of the ship or ships requisitioned to comply with the requisition by continuing to proceed with all speed to the assistance of persons in distress.

(c) The master of a ship shall be released from the obligation imposed by paragraph (a) of this Regulation when he learns that one or more ships other than his own have been requisitioned and are complying with the requisition.

(d) The master of a ship shall be released from the obligation imposed by paragraph (a) of this Regulation, and, if his ship has been requisitioned, from the obligation imposed by paragraph (b) of this Regulation, if he is informed by the persons in distress or by the master of another ship which has reached such persons that assistance is no longer necessary.

(e) The provisions of this Regulation do not prejudice the International Convention for the unification of certain rules with regard to Assistance and Salvage at Sea, signed at Brussels on the 23rd September, 1910, particularly the obligation to render assistance imposed by Article 11 of that Convention.

REGULATION 11

Signalling Lamps

All ships of over 150 tons gross tonnage, when engaged on international voyages, shall have on board an efficient daylight signalling lamp which shall not be solely dependent upon the ship's main source of electrical power.

REGULATION 12

Radio Direction-Finding Apparatus

(a) All ships of 1,600 tons gross tonnage and upwards, when engaged on international voyages, shall be fitted with radio direction-finding apparatus complying with the provisions of Regulation 11 of Chapter IV.

(b) Die Administrasie kan, in gebiede waar dit onredelik of onnodig geag word om sulke apparaat aan boord te hê, enige skip van minder as 5,000 ton bruto tonnemaat van hierdie vereiste vrystel, met behoorlike inagneming van die feit dat 'n radiorigtingbepalingsapparaat van waarde is nie alleen as 'n navigasie-instrument nie, maar ook as 'n middel om die posisie van skepe, vliegtuie en reddingsvaartuie te help vasstel.

REGULASIE 13

Bemanning

Die Kontrakterende Regerings verbind hulself, elkeen ten opsigte van sy nasionale skepe, om maatreëls te handhaaf of, indien nodig, te neem ten einde te verseker dat alle skepe uit die oogpunt van die veiligheid van menselewens op see toereikend en doeltreffend beman word.

REGULASIE 14

Hulpmiddels vir navigasie

Die Kontrakterende Regerings verbind hulle om reëlings te tref vir die oprigting en instandhouding van sodanige hulpmiddels vir navigasie, met inbegrip van radiobakens en elektroniese hulpmiddels, as wat na hul mening deur die hoeveelheid verkeer geregtig en deur die mate van gevaar vereis word, en om reëlings te tref dat inligting betreffende hierdie hulpmiddels aan alle belanghebbendes beskikbaar gestel word.

REGULASIE 15

Soek- en reddingswerk

(a) Elke Kontrakterende Regering verbind hom om sorg te dra dat alle nodige reëlings getref word vir die dophou van die kus en vir die redding van persone wat om sy kuste op see in nood verkeer. Hierdie reëlings moet die oprigting, bediening en onderhoud insluit van sodanige maritieme veiligheidsfasilitate as wat met inagneming van die digtheid van die seeverkeer en die navigasiegevare prakties en nodig geag word, en behoort vir sover moontlik toereikende middels te verskaf vir die opsporing en redding van sulke persone.

(b) Elke Kontrakterende Regering verbind hom om inligting beskikbaar te stel betreffende sy bestaande reddingsfasilitate en beplande veranderings daarin, indien enige.

REGULASIE 16

Reddingseine

Ondervermelde seine moet deur reddingstasies en maritieme reddingseenhede in verbinding met skepe of persone wat in nood verkeer, en deur skepe of persone wat in nood verkeer, in verbinding met reddingstasies en maritieme reddingseenhede gebruik word. Die seine wat vliegtuie op soek- en reddingsondernemings gebruik om aan skepe rigting te gee, word hieronder in paragraaf (d) aangedui. 'n Geillustreerde tabel waarin ondervermelde seine beskryf word, moet geredelik beskikbaar wees vir die offisier van die wag van elke skip waarop hierdie hoofstuk van toepassing is.

(a) *Antwoorde van reddingstasies of maritieme reddingseenhede op noodseine van 'n skip of persoon:*—

Sein

Bedags—Oranje rooksein of gekombineerde lig- en geluidsein (liggewende knalsein) bestaande uit drie enkele seine wat by tussenpose van ongeveer een minuut afgewuur word.

Snags—Vuurpyl met wit sterre bestaande uit drie enkele seine wat by tussenpose van ongeveer een minuut afgewuur word.

Indien nodig, kan die dagseine snags of die nagseine bedags gegee word.

Betekenis

"U word gesien—hulp word so spoedig moontlik verleen." (Herhaling van sulke seine het dieselfde betekenis.)

(b) The Administration may, in areas where it considers it unreasonable or unnecessary for such apparatus to be carried, exempt any ship under 5,000 tons gross tonnage from this requirement, due regard being had to the fact that radio direction-finding apparatus is of value both as a navigational instrument and as an aid to locating ships, aircraft or survival craft.

REGULATION 13

Manning

The Contracting Governments undertake, each for its national ships, to maintain, or if it is necessary, to adopt, measures for the purpose of ensuring that, from the point of view of safety of life at sea, all ships shall be sufficiently and efficiently manned.

REGULATION 14

Aids to Navigation

The Contracting Governments undertake to arrange for the establishment and maintenance of such aids to navigation, including radio beacons and electronic aids as, in their opinion, the volume of traffic justifies and the degree of risk requires, and to arrange for information relating to these aids to be made available to all concerned.

REGULATION 15

Search and Rescue

(a) Each Contracting Government undertakes to ensure that any necessary arrangements are made for coast watching and for the rescue of persons in distress at sea round its coasts. These arrangements should include the establishment, operation and maintenance of such maritime safety facilities as are deemed practicable and necessary having regard to the density of the seagoing traffic and the navigational dangers and should, so far as possible, afford adequate means of locating and rescuing such persons.

(b) Each Contracting Government undertakes to make available information concerning its existing rescue facilities and the plans for changes therein, if any.

REGULATION 16

Life-Saving Signals

The following signals shall be used by life-saving stations and maritime rescue units when communicating with ships or persons in distress and by ships or persons in distress when communicating with life-saving stations and maritime rescue units. The signals used by aircraft engaged in search and rescue operations to direct ships are indicated in paragraph (d) below. An illustrated table describing the signals listed below shall be readily available to the officer of the watch of every ship to which this Chapter applies.

(a) *Replies from life-saving stations or maritime rescue units to distress signals made by a ship or person:*—

Signal

By day—Orange smoke signal or combined light and sound signal (thunderlight) consisting of three single signals which are fired at intervals of approximately one minute.

By night—White star rocket consisting of three single signals which are fired at intervals of approximately one minute.

Signification

"You are seen—assistance will be given as soon as possible."

(Repetition of such signals shall have the same meaning.)

If necessary the day signals may be given at night or the night signals by day.

(b) *Landingseine vir die leiding van klein bote met bemannings of persone wat in nood verkeer:*—

<i>Sein</i>	<i>Betekenis</i>	<i>Signal</i>	<i>Signification</i>
<i>Bedags</i> —Vertikale beweging van 'n wit vlag of van die arms, of die afvuur van 'n sein met groen sterre of uitsending van die kodeletter „K” (— —) met 'n lig- of geluidseinapparaat.	„Dit is die beste plek om te land.”	<i>By day</i> —Vertical motion of a white flag or the arms or firing of a green star-signal or signalling the code letter "K" (— —) given by light or sound-signal apparatus.	"This is the best place to land."
<i>Snags</i> —Vertikale beweging van 'n wit lig of sinjaalvlam, of die afvuur van 'n sein met groen sterre of uitsending van die kodeletter „K” (— —) met 'n lig- of geluidseinapparaat. 'n Ligging (aanduiding van rigting) kan gegee word deur 'n vaste wit lig of fakkels op 'n laer vlak en op 'n lyn met die waarnemer te plaas.	„Om hier te land is hoogs gevaaerlik.”	<i>By night</i> —Vertical motion of a white light or flare, or firing of a green star-signal or signalling the code letter "K" (— —) given by light or sound-signal apparatus. A range (indication of direction) may be given by placing a steady white light or flare at a lower level and in line with the observer.	"Landing here highly dangerous."
<i>Bedags</i> —Horizontale beweging van 'n wit vlag of arms horisontaal uitgestrek, of die afvuur van 'n sein met rooi sterre of uitsending van die kodeletter „S” (· · ·) met 'n lig- of geluidseinapparaat.	„Om hier te land is hoogs gevaaerlik. Daar is 'n gunstiger landingsplek in die aangeduide rigting.”	<i>By day</i> —Horizontal motion of a white flag or arms extended horizontally or firing of a red star-signal or signalling the code letter "S" (· · ·) given by light or sound-signal apparatus.	"Landing here highly dangerous. A more favourable location for landing is in the direction indicated."
<i>Snags</i> —Horizontale beweging van 'n wit lig of fakkels of die afvuur van 'n sein met rooi sterre of uitsending van die kodeletter „S” (· · ·) met 'n lig- of geluidseinapparaat.		<i>By night</i> —Horizontal motion of a white light or flare or firing of a red star-signal or signalling the code letter "S" (· · ·) given by light or sound-signal apparatus.	
<i>Bedags</i> —Horizontale beweging van 'n wit vlag, gevvolg deur die wit vlag in die grond te steek en 'n ander wit vlag te dra in die rigting wat aangedui moet word, of die vertikale afvuring van 'n sein met rooi sterre, en die afvuur van 'n sein met wit sterre in die rigting van die gunstiger landingsplek, of uitsending van die kodeletter „S” (· · ·), gevvolg deur die kodeletter „R” (— —) indien 'n gunstiger landingsplek vir die vaartuig wat in nood verkeer, meer na regs van die naderingsrigting geleë is, of die kodeletter „L” (— — ·) indien 'n gunstiger landingsplek vir die vaartuig wat in nood verkeer, meer na links van die naderingsrigting geleë is.		<i>By day</i> —Horizontal motion of a white flag, followed by the placing of the white flag in the ground and the carrying of another white flag in the direction to be indicated or firing of a red star-signal vertically and a white star-signal in the direction towards the better landing place or signalling the code letter "S" (· · ·) followed by the code letter "R" (— —) if a better landing place for the craft in distress is located more to the right in the direction of approach or the code letter "L" (— — ·) if a better landing place for the craft in distress is located more to the left in the direction of approach.	
<i>Snags</i> —Horizontale beweging van 'n wit lig of fakkels, gevvolg deur die wit lig of fakkels op die grond neer te sit en 'n ander wit lig of fakkels te dra in die rigting wat aangedui moet word, of die vertikale afvuring van 'n sein met rooi sterre en die afvuur van 'n sein met wit sterre in die rigting van die gunstiger landingsplek, of uitsending van die kodeletter „S” (· · ·) gevvolg deur die kodeletter „R” (— —) indien 'n gunstiger landingsplek vir die vaartuig wat in nood verkeer, meer na regs van die naderingsrigting geleë is, of die kodeletter „L” (— — ·) indien 'n gunstiger landingsplek vir die vaartuig wat in nood verkeer, meer na links van die naderingsrigting geleë is.		<i>By night</i> —Horizontal motion of a white light or flare, followed by the placing of the white light or flare on the ground and the carrying of another white light or flare in the direction to be indicated or firing of a red star-signal vertically and a white star-signal in the direction towards the better landing place or signalling the code letter "S" (· · ·) followed by code letter "R" (— —) if a better landing place for the craft in distress is located more to the right in the direction of approach or the code letter "L" (— — ·) if a better landing place for the craft in distress is located more to the left in the direction of approach.	

(c) *Seine wat in verband met reddingsapparaat op die kus gebruik moet word:*—

<i>Sein</i>	<i>Betekenis</i>	<i>Signal</i>	<i>Signification</i>
<i>Bedags</i> —Vertikale beweging van 'n wit vlag of van die arms, of die afvuur van 'n sein met groen sterre.	In die algemeen—„Bevestigend”. In die besonder— „Vuurllynn word gehou”. „Stertblok is vasgemaak”. „Tros is vasgemaak”. „Daar is iemand in die broekboei.” „Trek maar.”	<i>By day</i> —Vertical motion of a white flag or the arms or firing of a green star-signal.	In general—"Affirmative." Specifically: "Rocket line is held." "Tail block is made fast." "Hawser is made fast." "Man is in the breeches buoy." "Haul away."
<i>Snags</i> —Vertikale beweging van 'n wit lig of fakkels of die afvuur van 'n sein met groen sterre.	In die algemeen— „Ontkennend”. In die besonder— „Verslap die toue”. „Hou op met trek”.	<i>By night</i> —Vertical motion of a white light or flare or firing of a green star-signal.	
<i>Bedags</i> —Horizontale beweging van 'n wit vlag of arms horisontaal uitgestrek, of die afvuur van 'n sein met rooi sterre.		<i>By day</i> —Horizontal motion of a white flag or arms extended horizontally or firing of a red star-signal.	In general—"Negative." Specifically: "Slack away." "Avast hauling."
<i>Snags</i> —Horizontale beweging van 'n wit lig of fakkels of die afvuur van 'n sein met rooi sterre.		<i>By night</i> —Horizontal motion of a white light or flare or firing of a red star-signal.	

(d) *Seine wat gebruik word deur vliegtuie op soek- en redningsondernemings om skepe rigting te gee na 'n vliegtuig, skip of persoon wat in nood verkeer, (lees verklarende Opmerking hieronder):*—

<i>(d) Signals used by aircraft engaged on search and rescue operations to direct ships towards an aircraft, ship or person in distress (see explanatory NOTE below):</i> —

- (i) Wanneer 'n vliegtuig die volgende prosedures agtereenvolgens uitvoer, beteken dit dat die vliegtuig vir 'n bowatervaartuig rigting gee na 'n vliegtuig of 'n bowatervaartuig wat in nood verkeer—
(1) minstens een keer om die bowatervaartuig sirkel;
(2) laag vlak voor die boeg die koers van die bowatervaartuig kruis, versnel en snelheid verminder of die toonhoogte van die skroef verander;
(3) in die rigting vlieg waarin die bowatervaartuig gelei word.
Herhaling van hierdie prosedures het dieselfde betekenis.
- (ii) Wanneer 'n vliegtuig die volgende prosedure uitvoer, beteken dit dat die hulp van die bowatervaartuig aan wie die sein gerig word, nie meer nodig is nie:
—laag vlak agter die bowatervaartuig die volgestroom kruis, versnel en snelheid verminder of die toonhoogte van die skroef verander.

OPMERKING.—Die Organisasie sal na gelang nodig vooraf kennis gee van veranderings in hierdie seine.

REGULASIE 17

Loodslere

Skepe op reise in die loop waarvan daar waarskynlik van die dienste van loodse gebruik gemaak sal word, moet aan die volgende vereistes betreffende loodsleer voldoen:—

- (a) Die leer moet in goeie toestand en slegs vir gebruik deur amptenare en ander persone by die skip se aankoms in of vertrek uit 'n hawe en vir die in- en ontskaping van loodse gehou word.
- (b) Die leer moet bevestig word in so 'n posisie dat elke sport stewig teen die kant van die skip rus en sodat die loods veilig en gerieflik toegang tot die skip sal hê nadat hy minstens 5 voet (of 1.5 meters) en hoogstens 30 voet (of 9 meters) geklim het. Net een stuk leer moet gebruik word en dié moet in staat wees om die seevlak in alle normale trimtoestande van die skip te bereik. Wanneer die afstand van die seevlak tot by die punt van toegang tot die skip meer as 30 voet (of 9 meters) is, moet toegang tot die skip vanaf die loodsleer deur middel van 'n valreepleer of ander ewe veilige en gerieflike middel verskaf word.
- (c) Die treetjies van die leer moet minstens 19 duim (of 48 centimeters) lank, $4\frac{1}{2}$ duim (of 11.4 centimeters) wyd en 1 duim (of 2.5 centimeters) dik wees. Die treetjies moet op so 'n wyse verbind word dat dit 'n sterk genoeg leer verseker, waarvan die treetjies horisontaal en minstens 12 duim (of 30.5 centimeters) en hoogstens 15 duim (of 38 centimeters) uit mekaar gehou word.
- (d) 'n Behoorlik bevestigde mantou en 'n veiligheidslyn moet beskikbaar wees, en hulle moet gereed wees vir gebruik indien benodig sou word.
- (e) Daar moet sorg gedra word dat—
(i) 'n verantwoordelike skeepsoffisier toesig hou oor die aanbring van die leer en die inskaping en ontskaping van 'n loods;
(ii) daar vashouplekke is om die loods in staat te stel om veilig en gemaklik van die bo-ent van die leer in die skip of op die dek van die skip oor te stap.
- (f) Indien nodig moet spalke aangebring word op afstande wat sal verhoed dat die leer draai.
- (g) Snags moet 'n lig wat oorboord skyn, beskikbaar wees en gebruik word, en op die plek waar die loods aan boord van die skip gaan, moet die dek behoorlik verlig wees.

- (i) The following procedures performed in sequence by an aircraft mean that the aircraft is directing a surface craft towards an aircraft or a surface craft in distress—
(1) circling the surface craft at least once;
(2) crossing the projected course of the surface craft close ahead at a low altitude, opening and closing the throttle or changing the propeller pitch;
(3) heading in the direction in which the surface craft is to be directed.
Repetition of such procedures has the same meaning.
- (ii) The following procedure performed by an aircraft means that the assistance of the surface craft to which the signal is directed is no longer required—crossing the wake of the surface craft close astern at a low altitude, opening and closing the throttle or changing the propeller pitch.

NOTE.—Advance notification of changes in these signals will be given by the Organization as necessary.

REGULATION 17

Pilot Ladders

Ships engaged on voyages in the course of which pilots are likely to be employed shall comply with the following requirements respecting pilot ladders:—

- (a) The ladder shall be kept in good order and for use only by officials and other persons while a ship is arriving at or leaving a port, and for embarkation and disembarkation of pilots.
- (b) The ladder shall be secured in a position so that each step rests firmly against the ship's side and so that the pilot can gain safe and convenient access to the ship after climbing not less than 5 feet (or 1.5 metres) and not more than 30 feet (or 9 metres). A single length of ladder shall be used capable of reaching sea level in all normal conditions of trim of the ship. Whenever the distance from sea level to the point of access to the ship is more than 30 feet (or 9 metres), access from the pilot ladder to the ship shall be by means of an accommodation ladder or other equally safe and convenient means.
- (c) The treads of the ladder shall be not less than 19 inches (or 48 centimetres) long, $4\frac{1}{2}$ inches (or 11.4 centimetres) wide and 1 inch (or 2.5 centimetres) in depth. Steps shall be joined in such a manner as will provide a ladder of adequate strength whose treads are maintained in a horizontal position and not less than 12 inches (or 30.5 centimetres) or more than 15 inches (or 38 centimetres) apart.
- (d) A man-rope, properly secured, and a safety line shall be available and ready for use if required.
- (e) Arrangements shall be such that:—
(i) The rigging of the ladder and the embarkation and disembarkation of a pilot is supervised by a responsible officer of the ship.
(ii) Handholds are provided to assist the pilot to pass safely and conveniently from the head of the ladder into the ship or on to the ship's deck.
- (f) If necessary spreaders shall be provided at such intervals as will prevent the ladder from twisting.
- (g) At night a light shining overside shall be available and used and the deck at the position where the pilot boards the ship shall be adequately lit.

- (h) Skepe met bufferrepe of ander skepe wat so gebou is dat dit onmoontlik is om ten volle te voldoen aan die vereiste dat die leer bevestig word op 'n plek waar elke sport stewig teen die kant van die skip sal rus, moet sover as moontlik aan hierdie vereiste voldoen.

HOOFSTUK VI—VERVOER VAN GRAAN

REGULASIE 1

Toepassing

Tensy uitdruklik anders bepaal, is hierdie hoofstuk van toepassing op die vervoer van graan in alle skepe waarop die huidige regulasies van toepassing is.

REGULASIE 2

Woordbepaling

Die word „graan” sluit in koring, mielies, hawer, rog, gars, rys, peulvrugte en sade.

REGULASIE 3

Trimming

Wanneer graan in 'n skip gelaai word, moet alle nodige en redelike voorsorgmaatreëls getref word om te verhoed dat die graan verskuif. Indien 'n ruim of afdeling geheel met los graan gevul word, moet die graan getrim word sodat al die ruimtes tussen die dekbalke en in die vleuels en eindgedeeltes gevul word.

REGULASIE 4

Vollaai van ruime en afdelings

Indien 'n ruim of afdeling geheel en al met los graan gevul word, moet hy behoudens die bepalinge van regulasie 6 van hierdie hoofstuk verdeel word of deur 'n langskeepse beskot of deur graanbeskotte wat op 'n lyn is met die middellyn van die skip of wat hoogstens 5 persent van die grootspantbreedte van die skip van die middellyn afwyk, of deur langsskeepse beskotte of graanbeskotte wat van die middellyn van die skip afwyk, op voorwaarde dat die afstand tussen hulle hoogstens 60 persent van die grootspantbreedte is en dat in laasgenoemde geval laailuuke van gesikte groote in die vleuels op langskeepse afstande van hoogstens 25 voet (of 7.62 meters) aangebring word, waarvan die entluuke hoogstens 12 voet (of 3.66 meters) van dwarsskeepse beskotte verwijder is: In elke geval moet die langsskeepse beskotte of graanbeskotte behoorlik gebou en graandig met behoorlike oppullings tussen die balke aangebring wees. In ruime moet hierdie langsskeepse beskotte of graanbeskotte van die onderkant van die dek minstens een-derde van die diepte van die ruim of 8 voet (of 2.44 meters), watter ook al die grootste is, ondertoe strek. In afdelings in tussendekke en in boboue moet hulle van dek tot dek strek. In alle gevalle moet die langsskeepse beskotte of graanbeskotte strek tot by die bokant van die vulskagte van die ruim of afdeling waarin hulle geleë is.

Met dien verstande dat in die geval van skepe wat gelaai word met ander los graan as lynsaad, waarop daar gedurende die hele reis 'n metasentriese hoogte (na verbetering vir die vryoppervlakte-uitwerking van vloeistowwe in tanks) van minstens 12 duim (of 0.31 meters) in geval van een- of tweedeekskepe en van minstens 14 duim (of 0.36 meters) in die geval van ander skepe gehandhaaf word, dit onnodig is om langsskeepse beskotte of graanbeskotte aan te bring—

(a) onderkant en binne 7 voet (of 2.13 meters) van 'n vulskag maar slegs binne bereik van 'n luikopening, indien daardie vulskag, of al die vulskagte wat gesamentlik 'n afdeling bedien, 'n hoeveelheid

- (h) Ships with rubbing bands or other ships whose construction makes it impossible to comply fully with the provision that the ladder shall be secured at a place where each step will rest firmly against the ship's side shall comply with this provision as closely as possible.

CHAPTER VI—CARRIAGE OF GRAIN

REGULATION 1

Application

Unless expressly provided otherwise, this Chapter applies to the carriage of grain in all ships to which the present Regulations apply.

REGULATION 2

Definition

The term “grain” includes wheat, maize (corn), oats, rye, barley, rice, pulses and seeds.

REGULATION 3

Trimming

Where grain is loaded in a ship, all necessary and reasonable precautions shall be taken to prevent the grain from shifting. If any hold or compartment is entirely filled with bulk grain, the grain shall be trimmed so as to fill all the spaces between the beams and in the wings and ends.

REGULATION 4

Stowage of full holds and compartments

Subject to the provisions of Regulation 6 of this Chapter, if any hold or compartment is entirely filled with bulk grain it shall be divided either by a longitudinal bulkhead or shifting boards in line with, or not more than 5 per cent of the moulded breadth of the ship from, the centre line or by longitudinal bulkheads or shifting boards off the centre line of the ship provided that the distance between them shall not exceed 60 per cent of the moulded breadth of the ship and that in the latter case trimming hatches of suitable size shall be provided in the wings at longitudinal intervals of not more than 25 feet (or 7.62 metres) with end trimming hatches placed not more than 12 feet (or 3.66 metres) from transverse bulkheads. In every case the longitudinal bulkheads or shifting boards shall be properly constructed and fitted grain-tight with proper fillings between the beams. In holds such longitudinal bulkheads or shifting boards shall extend downwards from the underside of the deck to a distance of at least one-third of the depth of the hold or 8 feet (or 2.44 metres) whichever is the greater. In compartments in 'tween decks and superstructures they shall extend from deck to deck. In all cases the longitudinal bulkheads or shifting boards shall extend to the top of the feeders of the hold or compartment in which they are situated.

Provided that in the case of ships loaded with bulk grain other than linseed in which a metacentric height (after correction for the free surface effects of liquids in tanks) is maintained throughout the voyage of not less than 12 inches (or 0.31 metres) in the case of one or two deck ships and not less than 14 inches (or 0.36 metres) in the case of other ships, longitudinal bulkheads or shifting boards need not be fitted—

- (a) below and within 7 feet (or 2.13 metres) of a feeder, but only in way of a hatchway, if that feeder contains, or all the feeders collectively feeding a com-

bevat van minstens 5 persent van die hoeveelheid graan wat vervoer word in die afdeling wat bedien word;

- (b) in vulskagte wat voldoen aan die vereistes van paragraaf (a) van hierdie regulasie en wat sodanige afmetings het dat die vrye graanoppervlakte gedurende die hele reis in die vulskagte sal bly as aanvaar word dat die graan 2 persent van die inhoud van die gelaaide afdeling sal sak en die vrye graanoppervlakte na 'n hoek van 12 grade met die horizontale vlak sal verskuif; in hierdie geval moet die moontlike uitwerking van bogenoemde beweging van die vrye graanoppervlaktes binne die vulskagte by die berekening van bovemelde metasentriese hoogte in aanmerking geneem word;
- (c) reg onder die luikopening waar die los graan onderkant die luikopening in die vorm van 'n piering tot vlak teenaan die dekhoof verby die luikopening getrim en in die middel van die piering tot 'n hoogte van minstens ses voet (of 1.83 meters) bo- kant die bovlak van die los graan (gemeet onderkant die deklyn) met graan in sakke of ander geskikte vrag in sakke afgedek is; die graan in sakke of ander geskikte vrag in sakke moet die luikopening en die piering daaronder vul en moet stewig gestu word teenaan die dekhoof, die langsskeepse beskotte, die luikbalke en die luikhoofde aan die kante en ente van die luik.

REGULASIE 5

Stuwing in gedeeltelik gevulde ruime en afdelings

Behoudens die bepalings van regulasie 6 van hierdie hoofstuk, indien 'n ruim of afdeling gedeeltelik met los graan gevul is—

